

Boedelimplikasies vir partye wat getrou het of 'n siviele vennootskap voltrek het ingevolge die *Civil Union Act*

P Vermeulen
21140553

Mini-skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir die
graad *Magister Legum* in *Boedelreg* aan die
Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Me Feldhaus

Mei 2014

INHOUDSOPGAWE

Dankbetuigings	iii
Opsomming	iv
Kernwoorde	vi
Abstract	vii
Keywords	ix
1. Inleiding	1
2. Die agtergrond van die <i>Civil Union Act</i> en die moontlike huweliksgoederebedelings	6
2.1 <i>Agtergrond</i>	6
2.2 <i>Huwelike binne gemeenskap van goedere</i>	8
2.3 <i>Huwelike buite gemeenskap van goedere</i>	13
3. Die situasie ten opsigte van die onderhoud van die partye wat getroud is ingevolge die <i>Civil Union Act</i>	16
3.1 <i>Inleiding</i>	16
3.2 <i>Die Wet op Onderhoud 99 van 1998</i>	17
3.3 <i>Die Wet op Egskeiding 70 van 1979</i>	20
3.4 <i>Die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades 27 van 1990</i>	24
3.5 <i>Die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987</i>	26
4. Die impak van die <i>Civil Union Act</i> op die aankoop van huishoudelike benodighede, skenkings en belasting	30
4.1 <i>Die aankoop van huishoudelike benodighede gebaseer op die Civil Union Act</i>	30
4.2 <i>Die posisie rakende 'n skenking deur gades gebaseer op die Civil Union Act</i>	34

4.3	<i>Belastingvoordele vir 'n huwelik voltrek ingevolge die Civil Union Act</i>	37
5.	Gevolgtrekking	40
	Bibliografie	45

Dankbetuigings

Dankie aan:

My Hemelse Vader – U gee my die krag om dinge te bereik wat ek gedink het onmoontlik is.

Ramouna en Peet Vermeulen – Die ondersteuning wat julle my elke dag van my lewe bied, het my in staat gestel om suksesvol te kan wees.

Monique Vermeulen – Jy as my suster motiveer my elke dag om die beste te wees wat ek kan.

Anika Pretorius – Dankie dat ek altyd op jou kan staat maak. Jy beteken baie vir my.

Me Chantelle Feldhaus – Baie dankie vir Mevrou se ondersteuning.

Liezl Potgieter (Taalversorger) – Baie dankie vir jou moeite.

Peet Vermeulen

Opsomming

In hierdie navorsingsverslag word die boedelimplikasies vir 'n huwelik of siviele vennootskap wat voltrek is ingevolge die *Civil Union Act*, geïdentifiseer deur te bepaal wat die impak daarvan is en ook of daar enige verskille ten opsigte van die boedelimplikasies van tradisionele huwelike bestaan.

Die *Civil Union Act* het in werking getree ten einde homoseksuele paartjies in staat te stel om regsgeldigheid aan hul verhouding te gee. Die *Civil Union Act* maak dit moontlik om 'n huwelik of siviele vennootskap te voltrek. Beide hierdie instellings het egter dieselfde regsgevolge.

In artikel 13 van die *Civil Union Act* word bepaal dat die implikasies van die *Huwelikswet* ook van toepassing is op die *Civil Union Act*. Die uitvoerbaarheid van hierdie beginsel is egter nie in ag geneem wat betref boedelimplikasies nie. Omdat 'n huwelik en siviele vennootskap ingevolge die *Civil Union Act* verskil van dié van 'n tradisionele huwelik, het die toepassing van hierdie beginsel onduidelikheid veroorsaak. Hierdie onduidelikheid en boedelimplikasies is die onderwerp van die studie.

Die volle effek van die *Civil Union Act* word nie in die *Civil Union Act* bespreek nie en bestaan eerder uit verwysings na ander wetgewing. Gevolglik word spesifieke boedelimplikasies vir 'n huwelik of siviele vennootskap, wat ingevolge die *Civil Union Act* voltrek is, bespreek. Daar word spesifiek gefokus op huweliksgoederebedelings, onderhoud, die aankoop van huishoudelike benodighede, skenkings en belastingvoordele. Beide die posisie vóór en ná die *Civil Union Act* word bespreek.

Huweliksgoederebedelings is die eerste stap in die identifisering van boedelimplikasies vir die betrokke huwelik of siviele vennootskap en word eerste bespreek. Onderhoud word beskou as 'n direkte gevolg van 'n huwelik en daarom word in heelwat wetgewing daarna verwys. Dit is dus noodsaaklik om die inhoud van hierdie wetgewing ook te bespreek en te bepaal of dit versoenbaar is met die *Civil Union Act*. Die aankoop van huishoudelike benodighede, skenkings en belastingvoordele het 'n unieke uitwerking op 'n huwelik. Gevolglik word daar

gefokus op wat die uitwerking hiervan is op 'n huwelik en siviele vennootskap wat ingevolge die *Civil Union Act* voltrek is.

Die gevolgtrekking is dat hierdie navorsingsverslag duidelik verskaf oor wat presies die boedelimplikasies is vir partye wat getrou het of 'n siviele vennootskap voltrek het ingevolge die *Civil Union Act*.

Kernwoorde

Belastingvoordele

Boedelimplikasies

Civil Union Act 17 van 2006

Egskeiding

Huishoudelike benodighede

Huweliksgoederebedelings

Huwelike binne gemeenskap van goedere

Huwelike buite gemeenskap van goedere

Intestate erfopvolging

Langslewende gade

Onderhoud

Siviele vennootskap

Skenkings

Tradisionele huwelike

Wet op Egskeiding 70 van 1979

Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987

Wet op Onderhoud 99 van 1998

Wet op Onderhoud van Langslewende Gades 27 van 1990

Abstract

In this research report the estate implications for a marriage or civil partnership, entered into in terms of the *Civil Union Act*, are identified by determining the impact thereof and whether or not there are any differences with regard to the estate implications of a traditional marriage.

The *Civil Union Act* came into effect to give legality to the relationship between homosexual couples by providing the option to conclude a marriage or civil partnership. Both of these institutions thus have the same legal consequences.

According to Section 13 of the *Civil Union Act* the implications of the *Marriage Act* also apply to the *Civil Union Act*. The feasibility of this principle is not taken into account regarding estate implications. Since a marriage and civil partnership in terms of the *Civil Union Act* differs from a traditional marriage, it leads to uncertainty with regard to the application of this principle. This uncertainty and estate implications are the topic of this study.

The total effect of the *Civil Union Act* is not discussed in the *Civil Union Act*, but rather consists of references to other legislation. Consequently the specific estate implications for a marriage or civil partnership, entered into in terms of the *Civil Union Act*, are discussed with specific focus on marriage regimes, maintenance, purchasing of household necessities, donations and tax benefits. Both the position before and after the *Civil Union Act* are considered.

Firstly marriage regimes are discussed since it is the first step in identifying estate implications for the marriage or civil partnership. Maintenance is considered a direct result of a marriage and is referred to in many laws. It is therefore necessary to discuss the content of the legislation and whether or not it is compatible with the *Civil Union Act*. The buying of household necessities, donations and tax benefits has a unique effect on a marriage and the focus in this study is on the effect it has on a marriage and civil partnership entered into in terms of the *Civil Union Act*.

The conclusion is that this research report will provide clarity on what exactly the estate implications are for parties who have married or concluded a civil partnership in terms of the *Civil Union Act*.

Keywords

Civil Union Act 17 of 2006

Divorce

Divorce act 70 of 1979

Donations

Estate implications

Household necessities

Intestate succession

Intestate Succession Act 81 of 1987

Maintenance

Maintenance Act 99 of 1998

Maintenance of the Surviving Spouse Act 27 van 1990

Marriage in community of property

Marriage out of community of property

Marriage regimes

Sivile partnership

Surviving spouse

Tax benefits

Tradisional marriages

HOOFSTUK 1

1 Inleiding

In Suid-Afrika word daar twee vorme van huwelike aangetref, naamlik siviele huwelike en gebruikelike huwelike.¹ Siviele huwelike kan voltrek word deur persone ongeag hulle geslag en word gereguleer deur die *Huwelikswet* 25 van 1961 en die *Civil Union Act* 17 van 2006.² By siviele huwelike bestaan die opsie om dit binne of buite gemeenskap van goedere te voltrek.³ In die geval van huwelike binne gemeenskap van goedere sal die partye gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik wees vir eise teen die boedel.⁴ In die geval van huwelike buite gemeenskap van goedere sal elke party afsonderlik ingevolge sy of haar boedel aanspreeklik wees.⁵ Daar bestaan verder ook die opsie om 'n siviele vennootskap te voltrek ingevolge die *Civil Union Act*⁶ indien die persone dit nie as 'n huwelik wil klassifiseer nie.⁷ Die tweede tipe huwelike wat aangetref word is gebruikelike huwelike en word gereël ingevolge die inheemse gewoontereg.⁸ In hierdie navorsingsverslag sal daar slegs op siviele huwelike gefokus word.⁹

Die *Civil Union Act*¹⁰ het op 30 November 2006 in werking getree om voorsiening te maak vir die voltrekking van 'n huwelik of 'n siviele vennootskap tussen persone van dieselfde geslag na aanleiding van die uitspraak in *The Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another* 2006 1 SA 524 (KH).¹¹

1 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 18.

2 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 18.

3 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 71.

4 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 73.

5 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 176.

6 *Civil Union Act* 17 van 2006.

7 Artikel 2 van die *Civil Union Act* 17 van 2006. Daar bestaan geen verskil tussen 'n huwelik en 'n siviele vennootskap ingevolge die *Civil Union Act* nie dit word bevestig in Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 171. Ingevolge hierdie navorsingsverslag sal verwys word na 'n huwelik ingevolge die *Civil Union Act*.

8 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 18.

9 Gebruikelike huwelike val buite die bestek van die skripsie en sal derhalwe nie verder bespreek word nie.

10 *Civil Union Act* 17 van 2006.

11 *The Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another* 2006 1 SA 524 (KH).

Dit kom daarop neer dat die promulgering van die *Civil Union Act*¹² ook nou aanleiding gee tot boedelimplikasies omdat 'n huwelik ingevolge hierdie wet voltrek kan word. Die boedelimplikasies ingevolge die *Huwelikswet*¹³ en die *Civil Union Act*¹⁴ sal ondersoek word om die inhoud daarvan te bepaal.

Heteroseksuele paartjies het eksklusiewe voordele geniet afkomstig van die gemenereg en die *Huwelikswet* wat gelei tot die vermindering van homoseksuele paartjies se stand in die gemeenskap.¹⁵ Hierdie uitsluiting van homoseksuele paartjies moes gevolglik uit die weg geruim word sodat die reg hulle ook beskerm.¹⁶

Die *Civil Union Act* is gevolglik ingestel ten einde die bogenoemde probleem op te los. Daar is egter nie gekyk of hierdie implementering enigsins met die boedelreg versoenbaar is nie.

Artikel 13 van die *Civil Union Act* bepaal:

- (1) The legal consequences of a marriage contemplated in the Marriage Act apply, with such changes as may be required by the context, to a civil union.
- (2) With the exception of the Marriage Act and the Customary Marriages Act, any reference to-
 - (a) marriage in any other law, including the common law, includes, with such changes as may be required by the context, a civil union; and
 - (b) husband, wife or spouse in any other law, including the common law, includes a civil union partner.

Dit blyk uit artikel 13 van die *Civil Union Act* dat daar van 'n toepassingsbeginsel gebruik gemaak word.¹⁷ Hierdie toepassingsbeginsel beteken egter dat die inhoud van *Huwelikswet* toegepas moet op huwelike voltrek ingevolge die *Civil Union Act*.¹⁸

12 *Civil Union Act* 17 van 2006.

13 *Huwelikswet* 25 van 1961.

14 *Civil Union Act* 17 van 2006.

15 *The Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another* 2006 1 SA 524 (KH) 147, McConnachie *The South African Law Journal* 424.

16 *The Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another* 2006 1 SA 524 (KH) 147, McConnachie *The South African Law Journal* 424.

17 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006, McConnachie *The South African Law Journal* 425.

18 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006, McConnachie *The South African Law Journal* 425.

Prakties is dit nie so eenvoudig nie omdat daar in die *Huwelikswet*¹⁹ en die *Huweliksgoederewet*²⁰ uitdruklik verwys word na “man” en “vrou”.²¹ ’n Direkte toepassing van die terme “man” en “vrou” op twee partye ingevolge die *Civil Union Act*²² kan onsekerheid rakende boedelimplikasies skep. Hier sal gevolglik gekyk word na wat die boedelimplikasies is van partye wie se huwelike ingevolge die *Civil Union Act*²³ voltrek is.

Ten einde vas te stel of die inwerkingtreding van die *Civil Union Act* die regsposisie rakende die partye se boedels verander het, sal daar na die volgende gekyk word: die agtergrond van die *Civil Union Act* en die moontlike huweliksgoederebedelings, onderhoud en intestate erfreg, die aankoop van huishoudelike benodighede, skenkings en belastingvoordele.

Die posisie rakende onderhoud en intestate erfreg sal ondersoek word deur te bepaal wat die impak daarvan is op die partye se boedel met spesifieke verwysing na *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH)²⁴ en *Langemaat v Minister of Safety and Security* 1998 3 SA 312 (TPD).²⁵ Onderhoud word beskou as ’n omvangryke beginsel en sal bespreek word omdat dit ’n direkte impak op die vermindering of groei van die betrokke partye se boedel sal hê. Die konsep van onderhoud word beskou as ’n vasgestelde gevolg by die voltrekking van ’n huwelik.²⁶ Daar sal ook gekyk word hoe die *Wet op Onderhoud*,²⁷ die *Wet op Egskeiding*,²⁸ die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*²⁹ en die *Wet op Intestate Erfopvolging*³⁰ ’n impak op huwelike sal hê wat voltrek is ingevolge die *Civil Union Act*³¹ en wat die implikasies daarvan op die boedel is.

19 Artikel 30(1) van die *Huwelikswet* 25 van 1961.

20 Artikel 1 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

21 McConnachie *The South African Law Journal* 425.

22 *Civil Union Act* 17 van 2006.

23 *Civil Union Act* 17 van 2006.

24 *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH).

25 *Langemaat v Minister of Safety and Security* 1998 3 SA 312 (TPD).

26 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 121. Vrouens was onder die maritale mag van hulle mans en was beperk rakende bevoegdheid hierdie word bespreek in Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 115.

27 *Wet op Onderhoud* 99 van 1998.

28 *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

29 *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

30 *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987.

31 *Civil Union Act* 17 van 2006.

Die posisie rakende die aankoop van huishoudelike benodighede sal ook ondersoek word ten einde duidelikheid oor hierdie posisie te verskaf. Voor die inwerkingtreding van die *Wet op Huweliksgoedere*³² het die bevoegdheid om huishoudelike benodighede aan te koop op die vrou in die huwelik geval en dus sal daar gekyk word hoe die *Civil Union Act*³³ die posisie verander het.³⁴ Hier is dit belangrik om te bevestig hoe die aankoop van die *pro rata*-gedeelte sal geskied as die partye getroud is ingevolge die *Civil Union Act*.³⁵ Dit is van belang om hierna te kyk omdat die aankoop van huishoudelike benodighede 'n uitwerking op die boedel het.

Skenkings ingevolge die *Civil Union Act*³⁶ sal ook ondersoek word om te bepaal of die implikasies daarvan enigsins sal verskil as wat dit in die *Huweikswet* van toepassing is.³⁷ Die posisie rakende skenkings ingevolge 'n huwelik is belangrik omdat dit aanleiding gee tot 'n aantal ander aspekte wat ook 'n impak op die betrokke partye se boedel sal hê.³⁸ Hier kan verwys word na insolvensie van die partye en dit loop hand aan hand met die maak van 'n skenking.³⁹ Daar sal gekyk word onder watter omstandighede skenkings gemaak mag word en daar sal verder ook 'n onderskeid getref word tussen huwelike binne gemeenskap van goedere en buite gemeenskap van goedere omdat dit in elke geval verskillende gevolge het.⁴⁰ In hierdie bespreking sal daar veral verwys word na artikel 14, 15 en 22 van die *Wet op Huweliksgoedere*.⁴¹

Voor die inwerkingtrede van die *Civil Union Act* is daar reeds belastingvoordele verleen aan homoseksuele verhoudings wat van 'n permanente aard was.⁴² Daar gaan egter gepoog word om te kyk wat die impak van die *Civil Union Act* op hierdie belastingvoordele is en of dit die posisie verander het.

32 *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

33 *Civil Union Act* 17 van 2006.

34 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 123.

35 *Civil Union Act* 17 van 2006.

36 *Civil Union Act* 17 van 2006.

37 *Huweikswet* 25 van 1961.

38 Artikel 22 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

39 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 129.

40 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 129.

41 *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

42 Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 43. Belastingvoordele is verleen aan persone van dieselfde geslag in 'n permanente verhouding omdat daar vir hulle voorsiening gemaak is in artikel 1 van die *Inkomstebelastingwet*, *Boedelbelastingwet* en die *Wet op Hereregte*. Dit word bespreek in Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 43.

'n Boedel word as 'n verweefde beginsel beskou omdat byna alle daaglikse aktiwiteite 'n impak op 'n boedel het. Die bogenoemde afleiding word gemaak omdat persone op 'n daaglikse basis met geld werk, wat dus 'n direkte gevolg op jou boedel het. Al hierdie daaglikse aktiwiteite lei tot 'n duidelike vermindering of verhoging in die waarde van die betrokke partye se boedel.

Die doel van hierdie navorsingsverslag is om te bepaal watter regsimplikasies die voltrekking van 'n huwelik of siviele vennootskap ingevolge die *Civil Union Act*⁴³ op die betrokke partye se boedels het.

Wetgewing, regspraak, akademiese artikels en internet bronne wat 'n impak op die bogenoemde beginsels het, sal bespreek word om duidelikheid te kry rakende die beginsels gebaseer op die *Civil Union Act*.

43 *Civil Union Act* 17 van 2006.

HOOFSTUK 2

2 Die agtergrond van die *Civil Union Act* en die moontlike huweliksgoederebedelings

2.1 Agtergrond

Ingevolge die *Civil Union Act* is enige twee persone bo die ouderdom van 18 jaar geregtig om 'n huwelik of siviele vennootskap te voltrek.⁴⁴ In hierdie navorsingsverslag sal daar egter gefokus word op die impak wat die *Civil Union Act* op 'n boedel het.

Artikel 30(1) van die *Huwelikswet*⁴⁵ bepaal dat slegs “man” en “vrou” ingevolge hierdie wet met mekaar in die huwelik mag tree.⁴⁶ Met die inwerkingtrede van die *Grondwet* het die bogenoemde tot groot onregverdigheid ingevolge artikel 9 van die *Grondwet*⁴⁷ aanleiding gegee en gevolglik gelei tot die uitspraak in *The Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another*.⁴⁸ In casu wou twee vroue met mekaar in die huwelik tree om die nodige regsgeldigheid aan hulle verhouding te verskaf.⁴⁹ Die moontlikheid vir twee persone van dieselfde geslag om in die huwelik te tree, het egter nie op daardie stadium bestaan nie.⁵⁰ Die Konstitusionele Hof het die wetgewer 'n vasgestelde tydperk gegee om hierdie inbreukmaking reg te stel.⁵¹ Dit moes gedoen word deur die term “gade” in die *Huwelikswet* by te voeg.⁵² Deur die term “gade” in die *Huwelikswet*⁵³ by te voeg, sou dit die onregmatigheid verwyder omdat daar dan nie meer onderskeid getref sou word nie.⁵⁴ Die ander moontlikheid

44 Artikel 1 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

45 Artikel 30(1) van die *Huwelikswet* 25 van 1961.

46 Artikel 30(1) van die *Huwelikswet* 25 van 1961.

47 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

48 *The Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another* 2006 1 SA 524 (KH).

49 *The Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another* 2006 1 SA 524 (KH) 1.

50 *The Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another* 2006 1 SA 524 (KH) 2.

51 *The Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another* 2006 1 SA 524 (KH) 156.

52 *The Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another* 2006 1 SA 524 (KH) 123.

53 *Huwelikswet* 25 van 1961.

54 *The Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another* 2006 1 SA 524 (KH) 135.

was om nuwe wetgewing te skep wat homoseksuele partye in staat sou stel om te trou.⁵⁵

Daar is toe besluit om nuwe wetgewing te skep.⁵⁶ Die *Civil Union Act*⁵⁷ is geskep ten einde aan die hof se bevel te voldoen om gelykheid in die huweliksreg te bevorder.⁵⁸ Die bewoording van die wet⁵⁹ stel voor dat bepalings in die *Huwelikswet*⁶⁰ op die *Civil Union Act*⁶¹ toegepas moet word.⁶² Daar is met ander woorde bepaal dat die inhoud van die *Huwelikswet*⁶³ ook die inhoud van die *Civil Union Act*⁶⁴ moet wees.⁶⁵

Ingevolge artikel 1 van die *Civil Union Act*⁶⁶ word daar bepaal dat enige twee persone hierdie tipe verbintenis mag voltrek.⁶⁷ Die persone kry ook ingevolge hierdie wet die opsie om te kies tussen die voltrekking van 'n huwelik of 'n siviele vennootskap.⁶⁸ Die rede vir die opsie van 'n siviele vennootskap is bloot van godsdienstige aard en het weinig met die werklike werking van die reg te make.⁶⁹

Voordat onderhoud, aankoop van huishoudelike benodighede, skenkings en belastingvoordele verder bespreek sal word is dit belangrik om eers kennis te dra van die algemene reëls wat geld by 'n huwelik binne en buite gemeenskap van goedere. Die rede daarvoor is dat die boedelimplikasies sal afhang van die huweliksgoederebedeling omdat elke bedeling sy eie regsimplikasies het.

55 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 169.

56 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 170.

57 *Civil Union Act* 17 van 2006.

58 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 170.

59 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

60 *Huwelikswet* 25 van 1961.

61 *Civil Union Act* 17 van 2006.

62 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006. McConnachie *The South African Law Journal* 425.

63 *Huwelikswet* 25 van 1961.

64 *Civil Union Act* 17 van 2006.

65 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

66 Artikel 1 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

67 Artikel 1 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

68 Artikel 1 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

69 Smith en Robinson *Potchefstroomse Regstydskrif* 37.

2.2 *Huwelike binne gemeenskap van goedere*

Die eerste huweliksgoederebedeling wat aangetref word, is binne gemeenskap van goedere en skep unieke boedelimplikasies. In die geval van 'n huwelik binne gemeenskap van goedere, word daar 'n gemeenskaplike boedel aangetref.⁷⁰ Dit beteken dat die gades gesamentlike en afsonderlik aanspreeklik is vir die bestuur van hierdie gemeenskaplike boedel.⁷¹ In 'n huwelik binne gemeenskap van goedere bestaan die moontlikheid om ook oor 'n individuele boedel te beskik.⁷² Dit beteken dat 'n gemeenskaplike boedel bestaan en dat die gades ook verder elk oor 'n afsonderlike boedel kan beskik. Dus is dit belangrik om so gou moontlik vas te stel of enige van die gades ook oor 'n afsonderlike boedel beskik omdat dit sekere boedelimplikasies tot gevolg sal hê.

Albei gades word as bevoeg beskou in die aangaan van transaksies.⁷³ Dit beteken dat albei oor dieselfde regte en verpligtinge beskik.⁷⁴ Gelyke beheer en bestuur van die gemeenskaplike boedel, deur gades kan as die kern faktor beskou word.⁷⁵ Die konsep van gelyke beheer en bestuur word gevolglik aangetref in sowel die *Huwelikswet* as die *Civil Union Act*.

Die bestuur van 'n gemeenskaplike boedel sal afhang van die betrokke omstandighede. In hierdie konteks word daar eerstens verwys na gelykhoofdige bestuur, tweedens, onafhanklike bestuur en derdens, gesamentlike bestuur.⁷⁶ By binne gemeenskap van goedere ingevolge die *Civil Union Act* is bogenoemde wyses die wyses waarop die boedel bestuur kan word. Hierdie wyses van bestuur en die wyses van bestuur ingevolge die *Huwelikswet* is identies.

Indien die reëls van bestuur verstaan word, sal daar duidelikheid oor boedelimplikasies wees. Gelykhoofdige bestuur ondersteun die bogenoemde

70 Van Niekerk *Practical Guide to Patrimonial Litigation in Divorce Actions* par 1.1.

71 Artikel 14 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

72 Sonnekus "Matrimonial Property" par B19.

73 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 160.

74 Anon Date Unknown http://ccj.ukzn.ac.za/Libraries/PDF_Files/Matrimonial_Property_Eng.sflb.ashx.

75 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 12.

76 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 160.

beginsel van gelykheid en bepaal dat albei gades op gelyke gronde handeling ingevolge die gemeenskaplike boedel verrig.⁷⁷ Onafhanklike bestuur verwys na die feit dat daar in die wet geen vasgestelde lys van handeling bestaan wat gades sonder mekaar se toestemming mag aangaan nie.⁷⁸ Daar bestaan egter 'n verskeidenheid handeling wat spesifiek in gedagte gehou moet word.⁷⁹ Een voorbeeld is die feit dat gades die bevoegdheid het om handeling rakende die effektebeurs sonder mekaar se toestemming te verrig en dit sal gevolglik die gemeenskaplike boedel bind.⁸⁰

Die konsep van onafhanklike bestuur bepaal dat die gemeenskaplike boedel aanspreeklikheid kan opdoen deur handeling wat verrig is deur enige gade by 'n huwelik wat ingevolge die *Civil Union Act* voltrek is.⁸¹ Daar word geen toestemming vir bogenoemde transaksies vereis nie, maar die handeling sal steeds implikasies op die gades se boedel hê deurdat die waarde daarvan toeneem of afneem.

Wat betref gesamentlike bestuur van die gemeenskaplike boedel moet daar gefokus word op die betrokke omstandighede omdat elke geval sy eie unieke boedelimplikasies sal hê. Hier word gestel dat omdat daar twee partye in die huwelik aangetref word, albei se toestemming in bepaalde gevalle vereis word vir 'n transaksie om geldig te wees.⁸²

Artikel 15(1) van die *Wet op Huweliksgoedere* saamgelees met artikel 13 van die *Civil Union Act* bepaal dat gades geregtig is om sonder die ander gade se toestemming handeling ingevolge 'n gemeenskaplike boedel te verrig.⁸³

In sekere omstandighede sal daar egter vereis kan word dat skriftelike geattesteerde toestemming bekom moet word.⁸⁴ Hierdie tipe toestemming geld veral by

77 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 90.

78 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 161.

79 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 12.

80 Artikel 15(7)(a) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

81 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 161.

82 Artikel 15 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

83 Artikel 15(1) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984, Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

84 Artikel 15(5) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

transaksies wat 'n groot impak op die gemeenskaplike boedel kan hê. Skriftelike geattesteerde toestemming beteken dat as die gade 'n geldige regshandeling wil verrig, benodig hy of sy die ander gade se skriftelike toestemming en moet die toestemmingsdokument ook deur twee bevoegde getuies geteken wees.⁸⁵ Hierdie toestemming geld in gevalle waar 'n gade onroerende eiendom wat binne die gemeenskaplike boedel val uit die gemeenskaplike boedel wil verwyder.⁸⁶ Dit verwys spesifiek na die skenk of verkoop van sodanige onroerende eiendom.⁸⁷ Die implikasie wat dit vir die gemeenskaplike boedel inhou, is dat dit die waarde daarvan aansienlik kan verminder.

In die bestuur van die huwelik kan die gades skulde aangaan wat duidelike boedelimplikasies inhou.⁸⁸ Die implikasies sal egter afhang van die wyse waarop hierdie skuld ontstaan het.⁸⁹ Dit kan tans op twee maniere geskied, naamlik kontraktueel of deliktueel.⁹⁰ Skuld word bespreek omdat dit 'n negatiewe boedelimplikasie is en daar sal gevolglik duidelikheid verskaf word oor die gades se handelingsbevoegdheid rakende huwelike binne gemeenskap van goedere.

In die geval waar 'n bevoegde gade 'n kontrak sluit, sal daardie kontrak kontraktuele skuld skep wat uit die gemeenskaplike boedel betaal sal word.⁹¹ Soos reeds hierbo bespreek, moet albei gades tot hierdie regshandeling toestem vir dit om geldig te kan wees.⁹² Indien dit wel geldig is, sal die skuld tot stand kom en kan die skuldeiser die gemeenskaplike boedel daarvoor aanspreeklik hou.⁹³ Die skuldeiser kan ook die gade wat die skuld aangegaan het se afsonderlike boedel daarvoor aanspreeklik hou.⁹⁴ Die belangrikste wat egter altyd hier onthou moet word is dat die onskuldige gade se afsonderlike boedel nie vir daardie skuld aanspreeklik gehou mag word

85 Artikel 15(5) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

86 Artikel 15(2)(b) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

87 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 164.

88 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 85.

89 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 152.

90 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 85.

91 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 85.

92 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 85.

93 Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* par 10-4.

94 Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* par 10-4.

nie.⁹⁵ Dus kom dit daarop neer dat kontraktuele skuld boedelimplikasies tot gevolg het. Daar word afgelei dat die aanspreeklikheid geskep deur kontraktuele skuld ingevolge die *Civil Union Act* nie verskil van aanspreeklikheid opgedoen ingevolge die *Huwelikswet* nie.

Die tweede manier waarop skuld kan ontstaan wat die boedel sal affekteer, is deur middel van 'n delik.⁹⁶ Dit beteken dat as een van die gades 'n delik gepleeg het, hy of sy as die delikpleger geklassifiseer sal word.⁹⁷ In hierdie geval sal die boedelimplikasies eerste op die delikpleger se afsonderlike boedel val.⁹⁸ Dit sal beteken dat die skuldeiser 'n eis teen die delikpleger se afsonderlike boedel kan instel vir die skuld wat deur die gepleegde delik geskep is.⁹⁹ Indien die delikpleger se afsonderlike boedel nie die volle skuld kan dek nie, is die skuldeiser geregtig om 'n eis teen die gemeenskaplike boedel in te stel om die res van die skuld te verhaal.¹⁰⁰ Dit kom daarop neer dat indien die delikpleger se afsonderlike boedel die volle skuld kon gedek het, die skuldeiser nie 'n eis teen die gemeenskaplike boedel gehad het nie. As die delikpleger egter nie 'n afsonderlike boedel het nie, is die skuldeiser geregtig om die volle bedrag skuld van die gemeenskaplike boedel te eis.¹⁰¹

As daar na die bogenoemde bespreking gekyk word, blyk dit duidelik dat die onskuldige gade benadeel word. Hierdie benadeling vind plaas indien die onskuldige gade se gemeenskaplike boedel verminder word in gevalle waar die skuldeiser 'n eis teen die boedel ingedien het. Artikel 19 van die *Wet op Huweliksgoedere*¹⁰² verleen egter aan hierdie onskuldige gade 'n regsmiddel in die betrokke situasie.¹⁰³ Die onskuldige gade is ingevolge hierdie wet geregtig op verrekening van die bedrag wat die onskuldige party in hierdie omstandighede

95 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 152.

96 Sonnekus "Matrimonial Property" par B43.

97 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 152.

98 Artikel 19 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

99 Artikel 19 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

100 Artikel 19 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

101 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 152. Die relevansie hier is met ander woorde dat die gemeenskaplike boedel aanspreeklik gehou kan word vir die volle skuld en word aangetref in Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 152.

102 Artikel 19 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

103 Artikel 19 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

verloor het.¹⁰⁴ Die onskuldige gade is eers by die ontbinding van die gemeenskaplike boedel geregtig op die verrekening van die betrokke bedrag.¹⁰⁵ Die reg op verrekening ontstaan met ander woorde reeds wanneer die bedrag uit die gemeenskaplike boedel verwyder word, maar kan eers na die ontbinding van die huwelik teen die ander gade ingestel word.¹⁰⁶ *Van der Merwe v Road Accident Fund*¹⁰⁷ ondersteun hierdie bogenoemde bespreking. Hierdie hofspraak se uitspraak het gelei tot die huidige stand van sake rakende deliktuele aanspreeklikheid. Die kern word aangetref in die feit dat vermoënsregtelike sowel as nie-vermoënsregtelike skade van jou gade geëis kan word indien hy of sy 'n delik gepleeg het.¹⁰⁸ Die bogenoemde verwys dus na die skuld wat 'n delik kan skep ingevolge 'n boedel en hoe daar te werke gegaan kan word om hierdie skuld te herwin. 'n Delik kan gepleeg word ten opsigte van 'n huwelik wat voltrek is ingevolge die *Huwelikswet* sowel as 'n huwelik wat voltrek is ingevolge die *Civil Union Act*. Die implikasies van hierdie delik op 'n boedel is in albei gevalle dieselfde. Na die inwerkingtreding van die *Civil Union Act* is die vermoënsregtelike en nie-vermoënsregtelike eise ook uitgebrei na gades ingevolge die *Civil Union Act*.¹⁰⁹

Die belang van die bogenoemde bespreking lê in die regsmittele wat aan die onskuldige gade verleen word.¹¹⁰ Hierdie regsmittele se impak op die boedels is duidelik sigbaar omdat die gade wat geld verloor het dit weer vanuit die boedel kan herwin. Dit kom dus op boedelimplikasies neer en verskaf gevolglik ook sekerheid oor hoe ver die gades se handelingsbevoegdheid strek ingevolge huwelike binne gemeenskap van goedere.

Huweliksgoederebedeling is sonder twyfel die grootste faktor rakende boedelimplikasie omdat dit die aard van die boedel bepaal.¹¹¹ Dit is belangrik om te

104 Artikel 19 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

105 Artikel 19 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

106 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 153.

107 *Van der Merwe v Road Accident Fund* 2006 4 SA 230 (KH).

108 *Van der Merwe v Road Accident Fund* 2006 4 SA 230 (KH) 80.

109 Ingevolge artikel 13 van die *Civil Union Act* word dit afgelei.

110 Regsmittele verwys na die regte wat aan gades verleen word ingevolge die *Civil Union Act* bv die reg om eise in te stel.

111 Dit word afgelei uit Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 71.

onthou dat dieselfde huweliksgoederebedelings bestaan vir die *Huwelikswet* sowel as die *Civil Union Act*.¹¹²

Nadat daar 'n ondersoek oor boedelimplikasies gebaseer op huwelike binne gemeenskap van goedere voltooi is, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen verskil is ten opsigte van boedelimplikasies ingevolge die *Huwelikswet* en die *Civil Union Act* nie.

2.3 *Huwelike buite gemeenskap van goedere*

'n Huwelik buite gemeenskap van goedere word gekenmerk deur die feit dat daar geen gemeenskap van goedere aangetref word nie.¹¹³ Dit verskil dus van 'n huwelik binne gemeenskap van goedere in dié opsig dat hier geen vorm van boedelsamesmelting geskied nie.¹¹⁴ Elke gade beskik slegs oor 'n afsonderlike boedel en bestuur daardie boedel op sy of haar eie.¹¹⁵ Die konsep van 'n huwelik buite gemeenskap van goedere is dieselfde, ongeag of daar 'n huwelik voltrek is ingevolge die *Huwelikswet* of die *Civil Union Act*.¹¹⁶

In die geval van huwelike buite gemeenskap van goedere word daar 'n groter mate van onafhanklikheid aangetref.¹¹⁷ Omdat elke gade oor sy of haar eie afsonderlike boedel beskik, kan hy of sy sonder enige toestemming van die ander gade transaksies sluit wat sy of haar eie afsonderlike boedel bind.¹¹⁸ Indien die een gade so 'n transaksie aangaan, sal die ander gade se afsonderlike boedel nie in enige opsig geraak word nie.¹¹⁹ Die verskil in hierdie geval teenoor huwelike binne gemeenskap van goedere word aangetref in die feit dat die een gade nie aanspreeklik gehou kan word vir die ander gade se skuld nie.¹²⁰ Daar kan gesê

112 Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 755-756.

113 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 95.

114 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 175.

115 Anon Date Unknown <http://www.meumannwhite.co.za/family-law/>.

116 Die basis van hierdie argument word aangetref in artikel 13 van die *Civil Union Act*. Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 755-756.

117 Anon Date Unknown <http://www.meumannwhite.co.za/family-law/>.

118 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 176.

119 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 176.

120 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 176.

word dat hierdie transaksie geen boedelimplikasies het vir die onskuldige gade nie indien hy of sy kan bewys dat sy of haar bates werklik aan hom of haar behoort.

Insolvensie van een van die gades in die geval van 'n huwelik buite gemeenskap van goedere word op 'n unieke wyse hanteer. Die beginsel dat een persoon nie aanspreeklik gehou kan word vir skulde wat deur iemand anders aangegaan is nie, is van toepassing. Artikel 21 van die *Insolvensiewet*¹²¹ verleen beskerming aan die gades. Dit is van toepassing in die geval waar een van die gades insolvent raak en sy of haar afsonderlike boedel gesekwestreer word.¹²² Die boedel van die insolvente gade sal aangemeld word by die Meester en dan sal die Meester na sy of haar eie goeëddunke met hierdie boedel handel.¹²³ Die implikasie wat hierdie gevalle vir die solvente gade inhou, is dat sy of haar boedel egter ook saam met die insolvente gade se boedel by die Meester aangemeld word, selfs al was hy of sy nie by die transaksie betrokke nie.¹²⁴

Die beskerming wat die *Insolvensiewet*¹²⁵ bied tree egter hier in werking deurdat dit die solvente gade in staat stel om onmiddellik teruggawe van sy of haar bates van die Meester te eis wat dus die boedelimplikasies uit die weg ruim.¹²⁶ Indien die solvente gade met sy of haar eis van teruggawe wil slaag, moet hy of sy kan bewys dat die bates deur middel van 'n huweliksvoorwaardekontrak verkry is, dat die bates voor die voltrekking van die huwelik aan die gade behoort het, dat die bates deur middel van 'n afdwingbare titel teenoor die skuldeisers verkry is, dat dit deur artikel 28 van die *Insolvensiewet*¹²⁷ of die *Versekeringswet*¹²⁸ ten behoeve van daardie gade gevrywaar is of dat die bates as voormeld, inkomste of opbrengs daarvan verkry is.¹²⁹ Daar kan dus, met die inagneming van bogenoemde, geargumenteer word dat die gades in 'n huwelik buite gemeenskap van goedere tot 'n strenger mate beskerming geniet.¹³⁰ Die rede daarvoor is dat die *Insolvensiewet*¹³¹ nie voorsiening

121 Artikel 21 van die *Insolvensiewet* 24 van 1936.

122 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 155.

123 Sonnekus "Matrimonial Property" par B34.

124 Artikel 21(1) van die *Insolvensiewet* 24 van 1936.

125 Artikel 21(2) van die *Insolvensiewet* 24 van 1936.

126 Artikel 21(2) van die *Insolvensiewet* 24 van 1936.

127 Artikel 28 van die *Insolvensiewet* 24 van 1936.

128 *Versekeringswet* 37 van 1923.

129 Artikel 21(2) van die *Insolvensiewet* 24 van 1936.

130 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 155.

maak vir 'n afsonderlike boedel in 'n huwelik binne gemeenskap van goedere nie en gevolglik nie beskerming op hierdie gebied kan bied nie.¹³² Nadat daar gekyk is na artikel 13 van die *Civil Union Act* word daar afgelei dat die prosedure wat gevolg word rakende insolvensie dieselfde is teenoor huwelike ingevolge die *Huwelikswet* en huwelike ingevolge die *Civil Union Act*.¹³³

Die aanwasbedeling word ook as uniek beskou by huwelike buite gemeenskap van goedere.¹³⁴ Gades het die keuse om van die aanwasbedeling gebruik te maak of nie.¹³⁵ Die algemene reël is dat die aanwasbedeling van toepassing is op alle huwelike buite gemeenskap van goedere behalwe as hulle dit uitgesluit het.¹³⁶ Die doel van die aanwasbedeling is om die gade wie se afsonderlike boedel die kleinste groei toon, na die huwelik by te staan.¹³⁷ Die *Wet op Huweliksgoedere*¹³⁸ verskaf die bystand deur middel van 'n vorderingsreg by die ontbinding van die huwelik te verskaf.¹³⁹ Die boedelimplikasies in hierdie geval is dat slegs die gade die vorderingsreg kan verkry en gevolglik daarmee die helfte van die boedel se groei kan eis.¹⁴⁰

131 *Insolvensiewet* 24 van 1936.

132 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 154.

133 Dit word afgelei ingevolge artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

134 Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* par 10-4(1).

135 Sonnekus "Matrimonial Property" par B7.

136 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 186.

137 Anon Date Unknown http://ccj.ukzn.ac.za/Libraries/PDF_Files/Matrimonial_Property_-_Eng.sflb.ashx.

138 Artikel 3 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

139 Artikel 3 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

140 Anon Date Unknown http://ccj.ukzn.ac.za/Libraries/PDF_Files/Matrimonial_Property_-_Eng.sflb.ashx.

HOOFSTUK 3

3 Die situasie ten opsigte van die onderhoud van die partye wat getroud is ingevolge die *Civil Union Act*

3.1 Inleiding

Daar bestaan drie tipes onderhoudspligte.¹⁴¹ Dit is gebaseer op huweliksluiting, bloedverwantskap of kontrakte.¹⁴² Onderhoud wat gebaseer is op huweliksluiting word gereël deur artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding*.¹⁴³ Onderhoud ingevolge huweliksluiting word gekenmerk as wedersydse onderhoud wat op albei partye van toepassing is.¹⁴⁴ Wedersydse onderhoud kom eers voor na die huwelik gesluit is en eindig wanneer die huwelik beëindig word.¹⁴⁵

Die posisie rakende onderhoud tussen gades word deur 'n verskeidenheid wetgewing gereël. Onderhoud word gereël deur die *Wet op Onderhoud*,¹⁴⁶ die *Wet op Egskeiding*,¹⁴⁷ die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*,¹⁴⁸ en die *Wet op Intestate Erfopvolging*.¹⁴⁹ Die *Wet op Onderhoud* word as omvangryk beskou en dek onderhoudspligte gebaseer op huwelike, bloedverwantskap en kontrakte.¹⁵⁰ Die *Wet op Egskeiding* reël die posisie rakende onderhoud nadat 'n huwelik beëindig is. Ingevolge die *Wet op Egskeiding* kan 'n onderhoudsbevel verleen word indien 'n gade nie sy of haar eie inkomste kan genereer nie.¹⁵¹ Die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* verwys na die verskaffing van 'n eis teen die boedel van die oorledene.¹⁵² Dit beteken dat indien een gade sterf, die langslewende 'n eis vir

141 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 58.

142 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 58.

143 Artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

144 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 52. Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 752.

145 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 52. Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 752.

146 *Wet op Onderhoud* 99 van 1998.

147 *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

148 *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

149 *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987.

150 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 58.

151 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 153.

152 Artikel 2(1) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

onderhoud teen die boedel kan instel.¹⁵³ Die *Wet op Intestate Erfopvolging* verwys na die geval waar iemand sonder 'n testament sou sterf.¹⁵⁴

Gades kan aanspreeklik gehou word vir die betaling van onderhoud aan die ander gade wat sal lei tot 'n vermindering in die waarde van die boedel. 'n Belangrike aspek wat hier in gedagte gehou moet word is, dat onderhoud as verpligting steeds toegepas kan word nadat die huwelik beëindig is.¹⁵⁵ 'n Onderhoudsbevel kan dus verleen word indien een van die partye nie sy of haar eie inkomste na 'n egskeiding kan verdien nie.¹⁵⁶ Die onderhoudseis sal net toegestaan word as daar werklik 'n behoefte daarvoor bestaan en elke gade moet *pro rata* daartoe bydra.¹⁵⁷ Hier word afgelei dat die eis teen die boedel of ten gunste van die boedel kan wees, afhangende van die gade se finansiële posisie.

Daar gaan gekyk word na wat die impak van onderhoud is op 'n boedel ingevolge die *Civil Union Act*. Dit sal gedoen word deur 'n bespreking van die *Wet op Onderhoud*, die *Wet op Egskeiding*, die *Wet op Onderhoud van die Langsewende Gade* en die *Wet op Intestate Erfopvolging* te verskaf. Laastens sal daar gekyk word na wat die prosedure vir onderhoudseise is ingevolge die bogenoemde wette, ten opsigte van 'n huwelik voltrek ingevolge die *Civil Union Act*.

3.2 Die Wet op Onderhoud 99 van 1998

Onderhoud en die meegaande implikasies sal bespreek word met spesifieke fokus op huwelike ingevolge die *Civil Union Act* ten einde die boedelimplikasies deeglik te kan identifiseer. Onderhoud en die implikasies daarvan word egter nie net beperk tot die *Wet op Onderhoud van Langsewende Gades*¹⁵⁸ nie. Die *Wet op Onderhoud*¹⁵⁹ is van toepassing in die geval waar dit redelik is om te verwag dat een

153 Artikel 2(1) van die *Wet op Onderhoud van Langsewende Gades* 27 van 1990.

154 *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987.

155 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 151.

156 'n Onderhoudsbevel kan ingevolge artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979 verleen word. Die hof het egter diskresie rakende die toestaan van onderhoudsbevele. Dit word verduidelik in *M v M* (A112/10) [2011] ZAWCHC 28 6.

157 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010).

158 *Wet op Onderhoud van Langsewende Gades* 27 van 1990.

159 *Wet op Onderhoud* 99 van 1998.

persoon 'n ander sal moet onderhou.¹⁶⁰ Daar word afgelei dat in die geval waar twee persone met mekaar trou ingevolge die *Civil Union Act*¹⁶¹ hierdie onderhoudsplig van toepassing is.¹⁶²

Indien daar 'n klagte ingedien word oor versuim om onderhoud te betaal, moet dit ondersoek word.¹⁶³ In hierdie prosedure is daar 'n onderhoudsbeampte en 'n onderhoudspligtige.¹⁶⁴ Dit is die onderhoudsbeampte se plig om die nodige stappe te neem om te verseker dat die betrokke onderhoud betaal word.¹⁶⁵ Hierdie versuim word as baie ernstig beskou en blyk uit die feit dat onderhoudsbeamptes alles in hulle vermoë moet doen om hierdie onderhoudsplig te laat geskied.¹⁶⁶ In bogenoemde geval bestaan daar duidelike boedelimplikasies omdat die bedrag onderhoud 'n party se boedel kan laat afneem of toeneem.

'n Onderhoudsbevel kan gegee word ingevolge artikel 16 van die *Wet op Onderhoud*.¹⁶⁷ Die hof kan met ander woorde bepaal dat die persoon wat onderhoud aan iemand anders moet betaal, verplig word om dit te doen.¹⁶⁸ Die betaling van die onderhoud kan op 'n aantal maniere geskied.¹⁶⁹ Dit kan direk aan die onderhoudsgeregtigde oorbetal word of in die persoon se rekening inbetaal word.¹⁷⁰ Verder bestaan die moontlikheid ook om dit aan 'n beampte te betaal wat dan verplig sal wees om dit aan die onderhoudsgeregtigde te betaal.¹⁷¹ Die hof is ook gemagtig om te bepaal dat die onderhoud by wyse van 'n maandelikse bedrag betaal moet word.¹⁷² Dit is egter ook moontlik dat hierdie onderhoudsbedrag as 'n eenmalige bedrag aan die onderhoudsgeregtigde betaal moet word.¹⁷³ Die bogenoemde kan beskou word as eise vir of teen 'n boedel en lei tot boedelimplikasies ingevolge die *Wet op Onderhoud*.

160 Artikel 2(1) van die *Wet op Onderhoud* 99 van 1998. Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 41 verwys ook hierna.

161 *Civil Union Act* 17 van 2006.

162 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 58.

163 Artikel 6 van die *Wet op Onderhoud* 99 van 1998.

164 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 59.

165 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 59.

166 Artikel 7(1) van die *Wet op Onderhoud* 99 van 1998.

167 Artikel 16(1) van die *Wet op Onderhoud* 99 van 1998.

168 Artikel 16(1) van die *Wet op Onderhoud* 99 van 1998.

169 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 60.

170 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 59.

171 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 60.

172 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 60.

173 Artikel 1(vii) van die *Wet op Onderhoud* 99 van 1998.

As daar gekyk word na die boedelimplikasies van die onderhoudsgeregtigde, moet die aandag gevestig word op die afdwinging van die onderhoudsbevel.¹⁷⁴ Daar kan strafregtelike en siviele implikasies aan hierdie tipe eise gekoppel word.¹⁷⁵

As daar gekyk word na die afdwinging van die onderhoudsbevel, is dit nodig om eers op 'n siviele basis na die proses te kyk.¹⁷⁶ In hierdie geval kan die onderhoudsgeregtigde van die siviele proses gebruik maak indien die onderhoudspligtige nie die onderhoud binne tien dae na die vasgestelde datum vir betaling betaal het nie.¹⁷⁷ Indien dit gebeur, kan die onderhoudsgeregtigde aansoek doen om 'n lasbrief vir eksekusie gebaseer op die eiendom van die onderhoudspligtige.¹⁷⁸ Die *Wet op Onderhoud*¹⁷⁹ maak dit ook vir die onderhoudsgeregtigde moontlik om aansoek te doen om 'n bevel wat hom of haar magtig om beslag te lê op enige inkomste waarop die onderhoudspligtige geregtig is.¹⁸⁰ As daar van hierdie proses gebruik gemaak word, kan die beslaglegging net geskied met die doel om die verskuldigde bedrag te kry.¹⁸¹ Dit is wel moontlik om ook in hierdie omstandighede rente te eis.¹⁸²

Die bogenoemde is van toepassing op enige geval waar daar verwag sou word dat een persoon 'n ander moet onderhou.¹⁸³ Die *Wet op Onderhoud*¹⁸⁴ is dus ook van toepassing op die *Civil Union Act*. Na die inwerkingtreding van die *Civil Union Act*¹⁸⁵ sal gades ingevolge hierdie wet ook op die *Wet op Onderhoud*¹⁸⁶ kan steun.¹⁸⁷ Die toepassing van die *Wet op Onderhoud*¹⁸⁸ op huwelike ingevolge die *Huwelikswet*¹⁸⁹ en huwelike ingevolge die *Civil Union Act*¹⁹⁰ sal nie verskil nie.¹⁹¹

174 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 62.

175 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 62.

176 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 62.

177 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 62.

178 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 62.

179 *Wet op Onderhoud* 99 van 1998.

180 Artikel 1(1)(ii) van die *Wet op Onderhoud* 99 van 1998.

181 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 62.

182 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 62.

183 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 58.

184 *Wet op Onderhoud* 99 van 1998.

185 *Civil Union Act* 17 van 2006.

186 *Wet op Onderhoud* 99 van 1998.

187 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 58 saamgelees met Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006. Hierdie word dus afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act*.

188 *Wet op Onderhoud* 99 van 1998.

189 *Huwelikswet* 25 van 1961.

190 *Civil Union Act* 17 van 2006.

Soos vanuit die bespreking hierbo gesien kan word, is die verhouding tussen onderhoud en die *Civil Union Act*¹⁹² van kardinale belang, omdat dit vermoënsregtelike gevolge vir die boedel inhou. Nadat daar na artikel 13 van die *Civil Union Act*¹⁹³ gekyk is, is dit duidelik dat die bogenoemde implikasies en prosedures ook van toepassing is op 'n huwelik voltrek ingevolge die *Civil Union Act*.¹⁹⁴

3.3 Die Wet op Egskeiding 70 van 1979

Persone is geregtig om 'n huwelik te voltrek ingevolge die *Civil Union Act*.¹⁹⁵ Daar word egter nie in die *Civil Union Act*¹⁹⁶ aandag geskenk aan die beëindiging van hierdie tipe huwelik nie.¹⁹⁷ Gevolglik word die *Wet op Egskeiding*¹⁹⁸ as van belang beskou.¹⁹⁹ Persone wat 'n huwelik voltrek, kan daardie instelling beëindig ingevolge die *Wet op Egskeiding*.²⁰⁰

In die *Wet op Egskeiding*²⁰¹ word daar gefokus op die implikasies van onderhoud nadat partye van mekaar geskei het.²⁰² In hierdie omstandighede word daar bepaal dat onderhoud steeds toepaslik kan wees nadat partye van mekaar geskei het.²⁰³ Artikel 7(1) van die *Wet op Egskeiding*²⁰⁴ bepaal dat die hof 'n bevel vir die betaling van onderhoud kan maak ingevolge 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye.²⁰⁵ Ingevolge hierdie artikel is dit vir die betrokke partye moontlik om die inhoud van die betrokke onderhoudsbetaling self te bepaal, byvoorbeeld 'n skikking.²⁰⁶ Daar word

191 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

192 *Civil Union Act* 17 van 2006.

193 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

194 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

195 Artikel 1 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

196 *Civil Union Act* 17 van 2006.

197 Baker Datum Onbekend <http://www.capetownlawyer.co.za/divorce/gay/gay-divorce-latest-legislation.php5>.

198 *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

199 Baker Datum Onbekend <http://www.capetownlawyer.co.za/divorce/gay/gaydivorce-latest-legislation.php5>.

200 AS v CS 2011 (2) SA 360 (WCC) 32.

201 *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

202 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 151.

203 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 151.

204 Artikel 7(1) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

205 Artikel 7(1) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

206 Artikel 7(1) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

dus afgelei dat hierdie artikel ook aangewend word in die geval van 'n huwelik ingevolge die *Civil Union Act* om hierdie ooreenkoms skriftelik te laat realiseer.²⁰⁷

Ingevolge artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding*²⁰⁸ word die verlening van 'n onderhoudsbevel aangetref.²⁰⁹ Hierdie onderhoudsbevel is die verlening van 'n bevel deur die hof ten gunste van een van die gades.²¹⁰ Die hof het die bevoegdheid om 'n bevel te maak wat bepaal dat een gade die ander gade 'n bedrag onderhoud sal betaal tot daardie persoon sterf of weer trou.²¹¹ Die egskeidingsbevel en die onderhoudsbevel loop hier saam omdat die onderhoudsbevel verleen moet word voordat die partye van mekaar skei.²¹² Dit blyk duidelik in die bogenoemde dat hierdie onderhoudsbevel 'n eis teen 'n boedel is en gevolglik as 'n boedelimplikasie beskou word.

Artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* lys 'n verskeidenheid omstandighede wat bestudeer moet word voordat 'n bevel vir die betaling van onderhoud toegestaan kan word.²¹³ Die omstandighede wat eerste ondersoek moet word, is die betrokke partye se vermoëns asook die moontlikheid om 'n verdienste te genereer.²¹⁴ Verder sal die hof ook kyk hoe lank die betrokke huwelik geduur het.²¹⁵ Die partye se ouderdom en optrede ten opsigte van die verbrokkeling van die huwelik sal dan ook in ag geneem word.²¹⁶

M v M verskaf duidelikheid oor hoe die hof te werke gaan rakende onderhoud en 'n egskeiding. In *M v M*²¹⁷ het die hof beslis dat die wedersydse onderhoudspilg tussen

207 Artikel 7(1) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979. Hierdie argument word afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act*.

208 Artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

209 Artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

210 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 177 saam geles met artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

211 Artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

212 Artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

213 Artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979. As daar na hierdie bogenoemde omstandighede verwys word, is dit belangrik om te kyk na *Swart v Swart* 1980 4 SA 364 (O) 1.

214 Artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979, Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

215 Artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

216 Artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

217 *M v M* (A112/10) [2011] ZAWCHC 28.

gades tot 'n einde kom indien die huwelik beëindig word.²¹⁸ Nadat 'n huwelik beëindig is, is dit egter moontlik om 'n onderhoudsbevel ten gunste van een gade te skep.²¹⁹ Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat daar geen statutêre reg op onderhoud bestaan nie en dat die hof diskresie het ten opsigte van die toestaan van onderhoud.²²⁰ Wanneer die hof sy diskresie uitoefen, sal daar gefokus word op die gades se: ouderdom, verdienvermoë en finansiële verpligtinge.²²¹ Hier word met ander woorde afgelei dat die hof geen onderskeid sal tref tussen 'n huwelik ingevolge die *Civil Union Act* en die *Huwelikswet* nie.

'n Verdere boedelimplikasie wat van toepassing is op 'n huwelik wat voltrek is ingevolge die *Civil Union Act*²²² is 'n Reël 43-aansoek.²²³ Hierdie aansoek maak dit vir die gade moontlik om duidelikheid oor die betaling van onderhoud te kry.²²⁴ Verder kan regs-koste ook in hierdie Reël 43-aansoek aangespreek word.²²⁵

Die implikasie wat die betaling van onderhoud het, verander ook met die verloop van tyd, veral as daar na die permanente aard van onderhoud gekyk word.²²⁶ Die posisie rakende die betaling van onderhoud is beskou as iets wat na die ontbinding van 'n huwelik op 'n permanente basis sal geskied.²²⁷ Die ontwikkeling in die howe bring egter mee dat daar nou verwag sal word dat die partye die nodige stappe moet neem na ontbinding om weer finansiëel selfstandig te wees.²²⁸ Dit kom daarop neer dat die permanente aard van onderhoud as boedelimplikasie oor die jare verander het en dat daar nou verwag word dat gades na 'n egskeiding selfonderhoudend moet

218 *M v M* (A112/10) [2011] ZAWCHC 28 4.

219 *M v M* (A112/10) [2011] ZAWCHC 28 4. Die onderhoudsbevel sal gemaak word ingevolge die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

220 *M v M* (A112/10) [2011] ZAWCHC 28 6.

221 *M v M* (A112/10) [2011] ZAWCHC 28 7.

222 *Civil Union Act* 17 van 2006.

223 Dit word afgelei vanuit artikel 13 van die *Civil Union Act*.

224 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 177 saamgelees met Baker Datum Onbekend <http://www.capetownlawyer.co.za/divorce/gay/gay-divorce-latest-legislation.php5>.

225 Baker Datum Onbekend <http://www.capetownlawyer.co.za/divorce/gay/gay-divorce-latest-legislation.php5>.

226 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 153.

227 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 153.

228 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 153.

wees.²²⁹ Gevolglik word daar afgelei dat daar ook in die geval van die *Civil Union Act* dieselfde benadering gevolg sal word.²³⁰

Die beëindiging van die onderhoudsbevel sal ook by die partye se boedelimplikasies van belang wees. Indien daar 'n onderhoudsbevel gemaak is ingevolge artikel 7(1) van die *Wet op Egskeiding*²³¹ sal die inhoud daarvan in die skikkingsooreenkoms bepaal word.²³² Hierdie ooreenkoms sal die datum bevat wanneer die onderhoud nie meer betaal hoef te word nie.²³³ Die betaling van onderhoud na dood en selfs na hertroue van die partye sal alles in die skikkingsooreenkoms bepaal word.²³⁴ Nadat artikel 13 van die *Civil Union Act*²³⁵ geïnterpreteer is, word daar bepaal dat die bogenoemde ook van toepassing is op huwelike ingevolge die *Civil Union Act*.²³⁶

Die onderhoudsbevel verleen deur artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding*²³⁷ sal in die geval van dood of hertroue tot 'n einde kom.²³⁸ Verder is dit ook moontlik dat die inhoud van die bevel voorsiening kan maak vir die beëindiging daarvan.²³⁹ 'n Eis vir onderhoud teen die onderhoudspligtige se boedel kan ingedien word na sy of haar dood, soos bepaal in *Copelowitz v Copelowitz*.²⁴⁰ Dit het tot gevolg dat die reg op onderhoud nie noodwendig deur die dood van die onderhoudspligtige beëindig word nie.²⁴¹ Die implikasies vir die boedel van die betrokke partye word duidelik hierbo aangetref.

Die *Civil Union Act*²⁴² het tot gevolg dat boedelimplikasies voortspruitend uit die *Wet op Egskeiding*²⁴³ ook nou van toepassing is op 'n huwelik voltrek ingevolge die *Civil Union Act*. Dieselfde wet word gebruik in die beëindiging van tradisionele huwelike

229 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 153.

230 Dit word afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act*.

231 Artikel 7(1) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

232 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 159.

233 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 159.

234 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 159.

235 *Civil Union Act* 17 van 2006.

236 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

237 Artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

238 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 159.

239 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 159.

240 Dit word afgelei uit *Copelowitz v Copelowitz* 1969 4 SA 94 (K) p76 H, p77 A.

241 Dit word afgelei uit *Copelowitz v Copelowitz* 1969 4 SA 94 (K) p76 H, p77 A.

242 *Civil Union Act* 17 van 2006.

243 *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

en huwelike ingevolge die *Civil Union Act*.²⁴⁴ Daar kan dus gesê word dat die implikasies wat vir 'n boedel bestaan ook op dieselfde wyse behandel sal word.

3.4 Die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades 27 van 1990

Die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*²⁴⁵ verskaf aan die langslewende gade die geleentheid om teen die oorlede gade se boedel vir onderhoud te eis.²⁴⁶ Ingevolge artikel 13 van die *Civil Union Act*²⁴⁷ sal die aard en implikasies dieselfde wees vir tradisionele huwelike en huwelike wat voltrek is ingevolge die *Civil Union Act*.²⁴⁸ Dit beteken dat die reëls van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*²⁴⁹ op die *Civil Union Act* van toepassing is omdat hier ook oorlewende gades aangetref kan word.²⁵⁰ Artikel 2 van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*²⁵¹ bepaal dat die langslewende gade geregtig is om 'n eis teen die oorledene se boedel in te stel.²⁵² Hierdie eis word geklassifiseer as 'n eis vir redelike onderhoud vir die langslewende.²⁵³ Hierdie eis is grootliks gebaseer op redelikheid omdat dit slegs toegestaan sal word indien daar 'n werklike behoefte vir hierdie onderhoud bestaan.²⁵⁴ Gades in 'n huwelik ingevolge die *Civil Union Act* kry toegang tot hierdie eis.²⁵⁵

Waar die behoefte aan hierdie onderhoud bepaal moet word, sal die hof verskeie faktore in ag neem voordat hierdie eis enigsins toegestaan word.²⁵⁶ Hierdie faktore

244 AS v CS 2011 (2) SA 360 (WCC) 28 en 32.

245 *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

246 Artikel 2(1) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

247 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

248 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

249 *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

250 *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

251 Artikel 2 van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

252 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 177 saamgelees met artikel 2 van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

253 Artikel 2(1) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

254 Artikel 2(1) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

255 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 177 saamgelees met artikel 2(1) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990. Artikel 13 van die *Civil Union Act* ondersteun ook hierdie afleiding. Daar word met ander woorde geen onderskeid getref tussen 'n huwelik en siviele vennootskap ingevolge die *Civil Union Act* nie. Hierdie stelling word aangetref in Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 177.

256 Artikel 3 van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

word aangetref in artikel 3 van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*.²⁵⁷ Die hof sal kyk na wat die huidige posisie van die langslewende is en of daar 'n behoefte aan finansiële bystand bestaan.²⁵⁸ Verder sal die hof ook kyk na hoe lank die betrokke huwelik bestaan het en wat die langslewende se ouderdom is.²⁵⁹ Die beskikbare fondse in die oorledene se boedel en die lewenstandaard van wat gedurende die bestaan van die huwelik gehandhaaf is, word ook as relevant beskou.²⁶⁰

Wat betref boedelimplikasies skep die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*²⁶¹ die moontlikheid vir die eksekuteur van die oorledene se boedel om 'n trust ten gunste van die langslewende te skep.²⁶² Bates kan in die trust oorgeplaas word en dan sal die langslewende alle voordele daarvan geniet.²⁶³ Die eksekuteur sal egter eers met al die toepaslike partye wat deur die boedel geraak word, moet vergader om die bogenoemde te bespreek.²⁶⁴ Daar word aan die eksekuteur diskresie verleen om sekere regulasies te bepaal waaraan die trust en die langslewende moet voldoen.²⁶⁵ Verder word aandag ook gevestig op die feit dat wanneer 'n langslewende 'n eis teen die boedel van die oorledene het, dit nie beteken dat hy of sy ook 'n eis het teen enige iemand anders wat deur die boedel bevoordeel word nie.²⁶⁶

Die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*²⁶⁷ se belang word aangetref in die beskerming wat hierdie wet bied en word duidelik as 'n bevoordeling vir gades beskou. Die bevoordeling word aangetref in artikel 3(c) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*.²⁶⁸ Artikel 3(c) stel die langslewende gade in staat om dieselfde lewenstandaard te handhaaf as wat gedurende die huwelik bestaan het.²⁶⁹

257 Artikel 3 van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

258 Artikel 3 van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

259 Artikel 3 van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

260 Artikel 3 van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

261 *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

262 Artikel 2(3)(d) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

263 Artikel 2(3)(d) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

264 Artikel 2(3)(d) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

265 Artikel 2(3)(d) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

266 Artikel 2(2) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

267 *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

268 Artikel 3(c) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

269 Artikel 3(c) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

Die *Civil Union Act*²⁷⁰ het egter tot gevolg dat al die bogenoemde prosedures en boedelimplikasies sonder twyfel ook van toepassing is op huwelike wat voltrek is ingevolge die *Civil Union Act*.²⁷¹ Voor die inwerkingtreding van die *Civil Union Act*²⁷² is gevalle van diskriminasie aangetref, soos verduidelik in *Volks NO v Robinson and Others*.²⁷³ Die diskriminasie het bestaan in die feit dat onderhoud ingevolge die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*²⁷⁴ toegestaan is aan ongetroude homoseksuele paartjies, maar nie aan ongetroude heteroseksuele paartjies nie.²⁷⁵ Nadat daar na die bogenoemde gekyk is, word afgelei dat die *Civil Union Act*²⁷⁶ die bogenoemde diskriminasie uit die weg geruim het omdat homoseksuele partye nou ook die opsie het om te trou.²⁷⁷ Daar word nou verwag dat homoseksuele partye slegs kan steun op die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*²⁷⁸ indien 'n huwelik voltrek is ingevolge die *Civil Union Act*.²⁷⁹ Die afleiding kan gemaak word dat nadat die *Civil Union Act* tot stand gekom het, is dat die boedelimplikasies wat ontstaan het ingevolge die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* dieselfde is vir die *Huwelikswet* en die *Civil Union Act*.

3.5 Die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987

Die doel van die bogenoemde wet is om voorsiening te maak vir die geval waar iemand sonder die nodige testament sou sterf.²⁸⁰ Dit beteken dat indien daar na die oorledene se dood geen geldige testament bestaan nie, die *Wet op Intestate Erfopvolging*²⁸¹ in werking tree.²⁸² Daar het onlangse ontwikkeling rakende die

270 *Civil Union Act* 17 van 2006.

271 Dit word afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act*.

272 *Civil Union Act* 17 van 2006.

273 *Volks NO v Robinson and Others* 2005 (5) BCLR 446 (KH).

274 *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

275 *Volks NO v Robinson and Others* 2005 (5) BCLR 446 (KH), *Langemaat v Minister of Safety and Security* 1998 3 SA 312 (TPD), Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 211 en Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 42.

276 *Civil Union Act* 17 van 2006.

277 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 212.

278 *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990.

279 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 212.

280 Dit word afgelei uit artikel 1 van die *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987.

281 *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987.

282 Dit word afgelei uit artikel 1 van die *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987.

toepassing van hierdie wet plaasgevind. Vervolgens sal hier 'n verduideliking van sodanige wet verskaf word.

Die *Wet op Intestate Erfopvolging* het in 1987 in werking getree. Indien iemand sonder 'n testament te sterwe sou kom, het daardie persoon intestaat gesterf.²⁸³ In sodanige gevalle sou die *Wet op Intestate Erfopvolging* toegepas word.²⁸⁴ Ingevolge hierdie wet word die reëls verskaf oor hoe die vererwing moet geskied.²⁸⁵ Daar word op hierdie stadium nog nie ingevolge die *Wet op Intestate Erfopvolging* na homoseksuele partye verwys nie.

Die mees omvangryke gesag rakende homoseksuele partye en die *Wet op Intestate Erfopvolging* is *Gory v Kolver*.²⁸⁶ Gory en Brooks was twee mans wat in 'n permanente verhouding met mekaar was.²⁸⁷ Dit het plaasgevind voor die inwerkingtrede van die *Civil Union Act*²⁸⁸ was daar geen wetgewing wat homoseksuele verhoudings geregleer het nie. Albei mans het op 'n gelyke basis hulle gemeenskaplike woning onderhou.²⁸⁹ Meneer Brooks het sonder 'n testament gesterf en dit het gelei tot onsekerheid rakende erfopvolging.²⁹⁰ Meneer Brooks se familie het aangevoer dat hulle in hierdie omstandighede die wettige intestate erfgename van meneer Brooks se boedel is.²⁹¹

Ingevolge artikel 1 van die *Wet op Intestate Erfopvolging*²⁹² word daar voorsiening gemaak vir gades om intestaat van mekaar te erf.²⁹³ Daar is geen verwysing gemaak na persone van dieselfde geslag in wat 'n permanente verhouding was nie. In die Kolver-saak is daar aangevoer dat hierdie artikel uitgebrei moet word sodat

283 De Waal en Schoeman-Malan *Erfreg* 14.

284 De Waal en Schoeman-Malan *Erfreg* 3. Indien 'n persoon egter met 'n testament gesterf het, sal die testament toepassing vind. Dit word aangetref in De Waal en Schoeman-Malan *Erfreg* 135.

285 De Waal en Schoeman-Malan *Erfreg* 3.

286 Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 39 verwys ook na *Gory v Kolver* en die *Wet op Intestate Erfopvolging*.

287 *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH) 2.

288 *Civil Union Act* 17 van 2006.

289 *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH) 6.

290 *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH) 3.

291 *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH) 3.

292 Artikel 1(1) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987.

293 Artikel 1(1) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987.

homoseksuele persone op daardie basis beskerm sal word.²⁹⁴ Die hof het tot die beslissing gekom dat hier diskriminerende faktore bestaan en dat die beskerming na hierdie persone uitgebrei moet word.²⁹⁵ Die hof het bepaal dat dit moontlik is vir persone van dieselfde geslag wat in 'n verhouding van 'n permanente aard is om intestaat van sy of haar lewensmaat te erf.²⁹⁶ Gevolglik het *Gory v Kolver* die posisie rakende intestate erfreg uitgebrei omdat homoseksuele partye in 'n permanente verhouding ook nou intestaat van mekaar kan erf.²⁹⁷

Die volgende uitbreiding rakende intestate erfreg het plaasgevind toe die *Civil Union Act* gepromulgeer is.²⁹⁸ Die *Civil Union Act* stel enige twee persone (ongeach hulle geslag) in staat om met mekaar te trou of 'n siviele vennootskap met mekaar te voltrek.²⁹⁹ Die relevansie hiervan is dat daar gades aangetref word ingevolge die *Civil Union Act*.³⁰⁰ Dit lei dus daartoe dat die *Wet op Intestate Erfopvolging* sonder twyfel ook van toepassing is op die *Civil Union Act*.³⁰¹ Die afleiding kan gemaak word dat indien twee persone trou ingevolge die *Civil Union Act* hulle volgens artikel 1 van die *Wet op Intestate Erfopvolging* hanteer kan word.³⁰² Gevolglik beteken dit dat partye wat getrou het ingevolge die *Civil Union Act* mekaar se intestate erfgename sal wees indien hulle sonder 'n testament sou sterf.³⁰³

Nadat die bogenoemde vasgestel is, word die afleiding gemaak dat enige moontlike boedelimplikasies wat uit die *Wet op Intestate Erfopvolging* voortvloei ook van toepassing is op die *Civil Union Act*.³⁰⁴ Boedelimplikasies verskaf deur die *Wet op Intestate Erfopvolging* vir die *Civil Union Act* is dus as volg: indien een van die

294 *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH) 4.

295 *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH) 66(f).

296 *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH) 66(f). Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 39 verwys ook hierna.

297 Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 39.

298 Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 39.

299 Artikel 1 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

300 Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 39.

301 Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 39. Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 750.

302 Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 39. Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 750.

303 Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 39. Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 750.

304 Dit word afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act*. Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 39 verwys ook na die bogenoemde benadering. Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 750.

gades intestaat sterf, sal die ander gade 'n intestate erfgenaam wees en sal hy of sy gevolglik erf ooreenkomstig die oorledene se boedel.³⁰⁵

Die *Civil Union Act* het duidelike boedelimplikasies tot gevolg soos reeds hierbo bespreek. Die toepassing van die *Wet op Intestate Erfopvolging*³⁰⁶ op huwelike ingevolge die *Huwelikswet*³⁰⁷ en huwelike ingevolge die *Civil Union Act*³⁰⁸ sal egter dieselfde wees.³⁰⁹

305 Artikel 1 van die *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987 en Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 39. Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 750 verwys ook na intestate erfreg.

306 *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987.

307 *Huwelikswet* 25 van 1961.

308 *Civil Union Act* 17 van 2006.

309 Dit word afgelei uit Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 750.

HOOFSTUK 4

4 Die impak van die *Civil Union Act* op die aankoop van huishoudelike benodighede, skenkings en belasting

4.1 Die aankoop van huishoudelike benodighede gebaseer op die *Civil Union Act*

Die onderhoudsplig en die aankoop van huishoudelike benodighede loop hand aan hand, maar verskil egter steeds van mekaar.³¹⁰ Vervolgens sal die aankoop van huishoudelike benodighede bespreek word.

Die bevoegdheid om huishoudelike benodighede aan te koop, is in die gemenerereg aan die vrou in die huwelik verleen.³¹¹ Na die inwerkingtrede van artikel 29 van die *Algemene Regswysigingswet*³¹² is alle beperkings rakende 'n vrou se bevoegdheid uit die weg geruim.³¹³ Die *Civil Union Act* ondersteun die beginsel van gelykheid in die huwelik en brei die posisie verder uit deur selfs twee vroue in staat te stel om 'n huwelik met mekaar te voltrek.³¹⁴ Die bogenoemde kan beskou word as die eerste stap tot die gelykheid wat tans in die huweliksreg bestaan.

Die posisie ten opsigte van die aankoop van huishoudelike benodighede is tans dat die gades gesamentlik en afsonderlik daarvoor aanspreeklik gehou kan word.³¹⁵ Voordat die aanspreeklikheid om huishoudelike benodighede aan te koop tot stand kom, moet daar 'n gemeenskaplike huishouding en 'n geldige huwelik bestaan.³¹⁶ Die voltrekking van 'n huwelik ingevolge die *Civil Union Act*³¹⁷ sal voldoen aan hierdie

310 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 54.

311 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 54. Dit is belangrik om te onthou dat vroue voor die inwerkingtrede van die *Wet op Huweliksgoedere* onder die martiale mag van hulle mans was. Dit word verduidelik in Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 79.

312 Artikel 29 van die *Algemene Regswysigingswet* 132 van 1993.

313 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 80.

314 Artikel 1 van die *Civil Union Act* 17 van 2006. Die *Civil Union Act* bied ook dieselfde regte aan mans. Hier is slegs twee vroue as 'n voorbeeld gebruik.

315 Sonnekus "Matrimonial Property" par B48.

316 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 123.

317 *Civil Union Act* 17 van 2006.

vereistes. Die impak van die *Civil Union Act*³¹⁸ hier is dat die aankoop van huishoudelike benodighede uitgebrei word en ook nou van toepassing is op huwelike ingevolge die *Civil Union Act*.³¹⁹

Die aankoop van huishoudelike benodighede in 'n huwelik behels dat albei gades ooreenkomstig hulle finansiële vermoë daarvoor aanspreeklik sal wees.³²⁰ Dit beteken dat daar nie van een gade verwag word om meer by te dra as wat hy of sy kan nie.³²¹

Om die bevoegdheid te bepaal van die partye om huishoudelike benodighede aan te koop, sal hulle sosiale stand, lewenstandaard en die partye se gewoontes in ag geneem word.³²²

Hierdie huishoudelike benodighede waarna verwys word kan enigeiets insluit wat benodig word vir die bestuur van die gemeenskaplike huishouding in enige bepaalde situasie.³²³ Dit verwys spesifiek na items soos klere, meubels en voedsel, maar die betrokke omstandighede in die huwelik is die beslissende faktor.³²⁴ Die bevoegdheid strek egter verder en sluit ook in die aangaan van redelike koste vir die instandhouding van die gemeenskaplike huishouding.³²⁵ Daar word 'n onderskeid getref tussen dit wat redelik is en dit wat luuks is.³²⁶ Luukse items val nie onder die beginsel van huishoudelike benodighede nie.³²⁷ Daar word geen onderskeid getref tussen tradisionele huwelike en huwelike ingevolge die *Civil Union Act*³²⁸ wat betref die bestuur van die gemeenskaplike nie.

Boedelimplikasies kan duidelik hier geïdentifiseer word en is hier van toepassing omdat die aankoop van huishoudelike benodighede as 'n uitsondering op die reël

318 *Civil Union Act* 17 van 2006.

319 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

320 Artikel 23(2) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

321 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 124.

322 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 124.

323 Dit word afgelei uit *Reloomal v Ramsay* 1920 TPD p374.

324 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 56. Dit word afgelei uit *Reloomal v Ramsay* 1920 TPD p374.

325 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 124.

326 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 56.

327 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 124.

328 *Civil Union Act* 17 van 2006.

beskou word.³²⁹ Dit beteken dat die aanspreeklikheid van gades uniek is wanneer dit kom by die aankoop van huishoudelike benodighede.

Die uitsondering op die algemene reël word egter eers aangetref in die geval waar skuld aangegaan is in die aankoop van huishoudelike benodighede.³³⁰ Skuldeisers word hier gemagtig om skuld wat aangegaan is van enige van die gades te verhaal.³³¹ Dit beteken dat 'n onskuldige gade aanspreeklik gehou kan word vir skuld wat hy of sy nie gemaak het nie. Die implikasies wat dit vir die partye se boedel inhou, is dat 'n afdwingbare eis deur die skuldeisers teen jou boedel ingestel kan word sonder dat jy enige skuld by die betrokke skuldeisers gemaak het, soos genoem in artikel 17(5) van die *Wet op Huweliksgoedere*.³³² Dit kom daarop neer dat gades gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir die aankoop van huishoudelike benodighede.³³³ Die feit dat slegs een van die gades die skuld gemaak het, word as irrelevant beskou.

Die bevoegdheid rakende die aankoop van huishoudelike benodighede bly egter dieselfde in die geval van huwelike binne gemeenskap van goedere en huwelike buite gemeenskap van goedere.³³⁴ Wat betref huwelike binne gemeenskap van goedere sal die gemeenskaplike boedel vir die skuld aanspreeklik gehou word. In die geval van huwelike buite gemeenskap van goedere kan 'n onskuldige gade se afsonderlike boedel aanspreeklik gehou word, selfs al het hulle niks met die transaksie te doen gehad nie.³³⁵ Die aanwasbedeling sal egter geen effek hê op die aankoop van huishoudelike benodighede nie. Dit kom daarop neer dat in die geval van 'n huwelik buite gemeenskap van goedere, gades nie aanspreeklik gehou kan word vir mekaar se skuld nie behalwe in gevalle waar dit handel oor die aankoop van huishoudelike benodighede.

329 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 171.

330 Artikel 17(5) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

331 Artikel 17(5) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

332 Artikel 17(5) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

333 Sonnekus "Matrimonial Property" par B48.

334 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 55.

335 Artikel 17(5) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984. Hierdie benadering is teenstrydig met die normale werking van buite gemeenskap van goed dit word aangetref op Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 176. Normaalweg kan een gade nie aanspreeklik gehou word vir die ander gade se skuld as hulle buite gemeenskap van goed getroud is nie dit word aangetref op Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 176.

Dit is egter belangrik om seker te maak dat die items wat gekoop is wel as huishoudelike benodighede beskou word. Die rede daarvoor is dat indien dit nie huishoudelike benodighede is nie, slegs die gade wat dit gekoop het daarvoor aanspreeklik sal wees.³³⁶

Die aankoop van huishoudelike benodighede is nie ewigdurend van aard nie en kom sodoende by die ontbinding van die huwelik tot 'n einde.³³⁷ Dit kan verder ook beëindig word in die geval waar die gemeenskaplike huishouding nie meer bestaan nie en as die hof ingevolge artikel 16 van die *Wet op Huweliksgoedere*³³⁸ die bevoegdheid beeindig.³³⁹

Die impak van die *Civil Union Act*³⁴⁰ is met ander woorde dat al die reëls wat vir huwelike ingevolge die *Huwelikswet* betreffende huishoudelike benodighede geld, ook nou geld vir huwelike voltrek ingevolge die *Civil Union Act*. Boedelimplikasies veroorsaak deur die aankoop van huishoudelike benodighede is gevolglik ook dieselfde vir tradisionele huwelike en huwelike voltrek ingevolge die *Civil Union Act*.

Inligting rakende die aankoop van huishoudelike benodighede vir homoseksuele verhoudings is tot 'n sekere mate onduidelik. Die verband tussen die *Civil Union Act*³⁴¹ en die aankoop van huishoudelike benodighede word aangetref in artikel 13 van die *Civil Union Act*. Al wat hierdie artikel bepaal, is dat alles wat vir tradisionele huwelike geld, ook van toepassing is op huwelike wat voltrek is ingevolge die *Civil Union Act*.³⁴² Gevolglik bestaan daar steeds onbeantwoorde vrae wat betref huishoudelike benodighede. As daar gekyk word na die geval waar 'n homoseksuele paartjie wat in 'n permanente verhouding staan en huishoudelike benodighede aangekoop het voor die bestaan van die *Civil Union Act*, kan daar gevra word of dit vir skuldeisers moontlik sal wees om albei partye aanspreeklik te hou vir die skuld selfs al het net een party dit aangegaan. Dit is 'n geldige vraag omdat howe wel voorheen 'n homoseksuele verhouding van 'n permanente aard onder die vaandel

336 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 55.

337 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 126.

338 Artikel 16 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

339 Artikel 16 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

340 *Civil Union Act* 17 van 2006.

341 *Civil Union Act* 17 van 2006.

342 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

van 'n huwelik tuisgebring het.³⁴³ Die permanente homoseksuele verhouding sou dan ook voldoen aan die vereistes wat gestel word vir die aankoop van huishoudelike benodighede. Daar bestaan dus 'n mate van onsekerheid rakende die aanspreeklikheid van partye in 'n permanente homoseksuele verhouding wanneer dit handel oor die aankoop van huishoudelike benodighede.

4.2 Die posisie rakende 'n skenking deur gades gebaseer op die Civil Union Act

Boedelimplikasies ontstaan deur die maak van 'n skenking, wat beteken dat bates vanuit die boedel verwyder word. Die *Civil Union Act*³⁴⁴ het tot gevolg dat die werking van skenkings ook nou van toepassing is op huwelike voltrek ingevolge die *Civil Union Act*. Dit beteken dat die remedies verbonde aan skenkings ook op die *Civil Union Act*³⁴⁵ van toepassing is.

Voor die inwerkingtreding van die *Wet op Huweliksgoedere*³⁴⁶ was skenkings tussen gades nie toelaatbaar nie.³⁴⁷ Die rede daarvoor is dat dit gades in staat gestel het om derde partye te benadeel.³⁴⁸ *Snyman v Rheeder*³⁴⁹ sal egter toepassing vind.³⁵⁰ Hier word ook spesifiek gefokus op die beskerming wat aan die gades gebied word. Ingevolge artikel 21 van die *Insolvensiewet*³⁵¹ is 'n solvente gade geregtig op 'n eis wat hom of haar in staat sal stel om sy of haar eiendom te herwin.³⁵² Artikel 21(1) van die *Insolvensiewet*³⁵³ is spesifiek hier van toepassing en stel dat eiendom onmiddellik teruggegee moet word as 'n geldige titel deur die solvente gade aan die skuldeisers bewys kan word.³⁵⁴ In *Snyman v Rheeder* is verwys dat die hof het egter diskresie en het bepaal dat sekere transaksies kort voor insolvensie

343 Dit word afgelei uit Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 21.

344 *Civil Union Act* 17 van 2006.

345 *Civil Union Act* 17 van 2006.

346 *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

347 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 68.

348 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 68.

349 *Snyman v Rheeder* 1989 (4) SA 496 (T).

350 *Snyman v Rheeder* 1989 (4) SA 496 (T).

351 Artikel 21 van die *Insolvensiewet* 24 van 1936.

352 Artikel 21 van die *Insolvensiewet* 24 van 1936.

353 Artikel 21(1) van die *Insolvensiewet* 24 van 1936.

354 Artikel 21(1) van die *Insolvensiewet* 24 van 1936.

aangegaan is.³⁵⁵ Omdat daar nie 'n voldoende titel bewys was teenoor al die items nie, het die hof diskresie toegepas en bepaal dat van die items aan die skuldeiser toegeken moes word.³⁵⁶ Die *Civil Union Act*³⁵⁷ het tot gevolg dat gades ingevolge hierdie wet ook nou op artikel 21 van die *Insolvensiewet*³⁵⁸ sal kan steun.³⁵⁹

Skenkings kan baie implikasies hê. Die eerste aspek waarna gekyk sal word, is die verhouding tussen skenkings en 'n skuldeiser.³⁶⁰ Die moontlikheid bestaan vir gades wat buite gemeenskap van goedere getroud is om op 'n gereelde basis skenkings aan mekaar te maak.³⁶¹ Dit hou vanselfsprekend implikasies vir skuldeisers in.³⁶² Artikel 22 van die *Wet op Huweliksgoedere*³⁶³ is van toepassing wat betref die implikasies vir skuldeisers.³⁶⁴ Hierdie artikel bied beskerming aan gades teen insolvensie en stel dat skenkings tussen gades van krag bly.³⁶⁵ Voor die inwerkingtreding van die *Wet op Huweliksgoedere*³⁶⁶ was die posisie egter anders omdat daar 'n skenkingsverbod bestaan het.³⁶⁷

Dit is anders in die geval van gades getroud binne gemeenskap van goedere omdat daar 'n gemeenskaplike boedel bestaan.³⁶⁸ Dit beteken dat indien een gade aan die ander gade 'n bate skenk, daardie bate steeds in die gemeenskaplike boedel bly.³⁶⁹ Dit beteken dat hierdie tipe skenking geen invloed op die boedel het nie.³⁷⁰ In die geval waar 'n gade egter 'n bate vanuit sy of haar afsonderlike boedel skenk, sal die bepaling wat op huwelike buite gemeenskap van goedere van toepassing is, ook

355 *Snyman v Rheeder* 1989 (4) SA 496 (T) p508 D.

356 *Snyman v Rheeder* 1989 (4) SA 496 (T) p508 H.

357 *Civil Union Act* 17 van 2006.

358 Artikel 21 van die *Insolvensiewet* 24 van 1936.

359 Dit word afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act*.

360 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 67.

361 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 67.

362 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 67.

363 Artikel 22 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

364 Artikel 22 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

365 Artikel 22 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

366 *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

367 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 67. Die skenkingsverbod het bepaal dat gades in 'n huwelik buite gemeenskap van goed nie geregtig was om aan mekaar skenkings te maak nie omdat dit skuldeisers nadelig gHeatonffekteer het. Dit word aangetref in Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 67.

368 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 68.

369 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 68.

370 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 68.

hier van toepassing wees.³⁷¹ Dit kom daarop neer dat artikel 14 van die *Wet op Huweliksgoedere*³⁷² ook van toepassing is op enige voltrekkings ingevolge die *Civil Union Act*.³⁷³

Skenkings kan bespreek word deur te kyk na *Bopape v Moloto*.³⁷⁴ In hierdie saak was die man en vrou binne gemeenskap van goedere getroud.³⁷⁵ Die man het 'n buite egtelike verhouding gehad en het gevolglik sekere bates vanuit die gemeenskaplike boedel geskenk.³⁷⁶ Die vrou in die huwelik wou al die bates wat die man geskenk het herwin.³⁷⁷

Die hof het beslis dat die vrou in die huwelik geregtig is op 'n eis.³⁷⁸ Hier kan gesteun word op artikel 15(3)(c) van die *Wet op Huweliksgoedere*.³⁷⁹ Hierdie artikel bepaal dat een gade nie sonder die ander gade se toestemming enige bates mag skenk wat op een of ander manier die ander gade se belang sal benadeel nie.³⁸⁰ Die relevansie van die *Civil Union Act*³⁸¹ is dat die beskerming wat in die bogenoemde saak aan die vrou verleen is, ook nou aan gades verleen sal word wat op die *Civil Union Act* steun.

Skenkings tussen gades word bespreek omdat daar voordele aan skenkings gekoppel kan word.³⁸² 'n Duidelike voorbeeld is die implikasies van kapitaalwinsbelasting.³⁸³ In die geval waar een gade 'n bate aan die ander gade skenk, sal kapitaalwinsbelasting nie onmiddellik intree nie.³⁸⁴ Die sogenaamde oorrolbeginsel is van toepassing en bepaal dat die kapitaalwinsbelasting eers intree as die ontvangende gade die bate verkoop.³⁸⁵ Gevolglik kan gesê word dat na die

371 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 68.

372 Artikel 14 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

373 Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 11.

374 *Bopape and Another v Moloto* 2000 (1) SA 383 (T).

375 *Bopape and Another v Moloto* 2000 (1) SA 383 (T) p384 C.

376 *Bopape and Another v Moloto* 2000 (1) SA 383 (T) p384 D.

377 *Bopape and Another v Moloto* 2000 (1) SA 383 (T) p385 C.

378 *Bopape and Another v Moloto* 2000 (1) SA 383 (T) p389 I.

379 Artikel 15(3)(c) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

380 Artikel 15(3)(c) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

381 *Civil Union Act* 17 van 2006.

382 Jones *Moneyweb's Tax Breaks* 7.

383 Jones *Moneyweb's Tax Breaks* 7. Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 45 verwys ook na kapitaalwinsbelasting.

384 Jones *Moneyweb's Tax Breaks* 7.

385 Jones *Moneyweb's Tax Breaks* 7.

inwerkingtrede van die *Civil Union Act*³⁸⁶ die bogenoemde belastingvoordele ook nou aan gades ingevolge die *Civil Union Act*³⁸⁷ verleen word.³⁸⁸

In die beantwoording van die vraag of daar enige verskil bestaan ten opsigte van skenkings sal daar na die doel van die *Huwelikswet*³⁸⁹ en die *Civil Union Act*³⁹⁰ gekyk moet word. Omdat albei hierdie wette dieselfde doel het, kom dit daarop neer dat daar geen verskil bestaan tussen skenkings wat gemaak is ingevolge die *Huwelikswet*³⁹¹ en skenkings wat gemaak is ingevolge die *Civil Union Act*³⁹² nie.

4.3 Belastingvoordele vir 'n huwelik voltrek ingevolge die Civil Union Act

Daar word 'n verband tussen belasting en die *Civil Union Act*³⁹³ aangetref en dit hou sekere boedelimplikasies in. Daar moet ten alle tye onthou word dat die gevolge vir gades en siviele vennote ingevolge die *Civil Union Act*³⁹⁴ dieselfde is.³⁹⁵ Vervolgens sal gekyk word presies wat die boedelimplikasies is vir gades wat 'n huwelik voltrek het ingevolge die *Civil Union Act*.

Hier sal spesifiek gekyk word na boedelbelasting, skenkingsbelasting en hereregte. Ingevolge artikel 1 van die *Boedelbelastingwet*³⁹⁶, artikel 1 van die *Inkomstebelastingwet*³⁹⁷ en artikel 1 van die *Wet op Hereregte*³⁹⁸ word twee persone van dieselfde geslag in 'n verhouding ook as gades beskou indien die Kommissaris van mening is dat die verhouding permanent is.³⁹⁹ Indien daar egter 'n huwelik voltrek is ingevolge die *Civil Union Act*,⁴⁰⁰ is dit duidelik dat die verhouding van 'n

386 *Civil Union Act* 17 van 2006.

387 *Civil Union Act* 17 van 2006.

388 Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 46.

389 *Huwelikswet* 25 van 1961.

390 *Civil Union Act* 17 van 2006.

391 *Huwelikswet* 25 van 1961.

392 *Civil Union Act* 17 van 2006.

393 *Civil Union Act* 17 van 2006.

394 *Civil Union Act* 17 van 2006.

395 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 171.

396 Artikel 1 van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955.

397 Artikel 1 van die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962.

398 Artikel 1 van die *Wet op Hereregte* 40 van 1949.

399 Artikel 1 van die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962, artikel 1 van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955 en artikel 1 van die *Wet op Hereregte* 40 van 1949. Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 43 verwys ook daarna.

400 *Civil Union Act* 17 van 2006.

permanente aard is. Daar kan dus gesê word dat indien 'n homoseksuele paartjie ingevolge die *Civil Union Act*⁴⁰¹ trou, die Kommissaris nie oortuig hoef te word van permanensie nie en dit as vanselfsprekend aanvaar moet word.

Boedelbelasting word gehef teen 20% in die geval waar iemand te sterwe sou kom, en is van toepassing indien die boedel R3,5 miljoen oorskry.⁴⁰² Artikel 4(q) van die *Boedelbelastingwet*⁴⁰³ bepaal dat bates wat aan die oorlewende gade bemaak is nie vir boedelbelasting in aanmerking geneem sal word nie.⁴⁰⁴ Artikel 4A van die *Boedelbelastingwet*⁴⁰⁵ bepaal dat 'n korting van R3,5 miljoen voorsien word.⁴⁰⁶ In die geval van gades, sal daar 'n totale korting van R7 miljoen bestaan.⁴⁰⁷ Indien 'n gade sou sterf en nie sy of haar volle korting van R3,5 miljoen gebruik nie, sal die oorblywende gedeelte aan die oorlewende gade oorgedra word.⁴⁰⁸ Nadat artikel 13 van die *Civil Union Act*⁴⁰⁹ in ag geneem is, word hierdie bevoordeling ook verleen aan gades se boedels ingevolge die *Civil Union Act*.⁴¹⁰ Dus bestaan dieselfde bevoordeling vir sowel tradisionele huwelike as huwelike ingevolge die *Civil Union Act*.⁴¹¹

Skenkingsbelasting word gehef in die geval waar een persoon 'n bate aan iemand anders skenk.⁴¹² Die persoon wat die skenking maak, sal daarvoor aanspreeklik wees om belasting teen 'n 20% koers te betaal.⁴¹³

Die voordeel van skenkings is dat indien gades met 'n geregistreerde voor huwelikse kontrak of nahuwelikse kontrak 'n skenking aan mekaar maak, daar geen

401 *Civil Union Act* 17 van 2006.

402 Stiglingh Heaton Silke: *Suid – Afrikaanse Inkomstebelasting* 1038.

403 *Boedelbelastingwet* 45 van 1955.

404 Artikel 4(q) van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955. Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 47 verwys ook hierna.

405 Artikel 4A van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955.

406 Artikel 4A van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955.

407 Artikel 4A van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955.

408 Artikel 4A van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955.

409 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

410 Dit word afgelei uit Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 46.

411 Dit word afgelei uit Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 46.

412 Venter Heaton *'n Studentebenadering tot Inkomstebelasting* 420.

413 Venter Heaton *'n Studentebenadering tot Inkomstebelasting* 421. Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 44 verwys ook hierna.

skenkingsbelasting gehef sal word nie.⁴¹⁴ Verder moet daar ook goed gekyk word na die posisie binne gemeenskap van goedere. Elke persoon is daarop geregtig om jaarliks R100 000 belastingvry te skenk.⁴¹⁵ Dit beteken dat in die geval waar twee persone binne gemeenskap van goedere met mekaar getroud is, hulle daarop geregtig sal wees om R200 000 belastingvrye skenkings vanuit die gemeenskaplike boedel te maak.⁴¹⁶

Die implikasies verbonde aan die betaling van hereregte word vervat in die *Wet op Hereregte*.⁴¹⁷ Die boedelimplikasie vir 'n huwelik ingevolge die *Civil Union Act*⁴¹⁸ is dat geen hereregte betaalbaar sal wees waar eiendom wat in een gade se naam geregistreer is aan die ander gade oorgedra word nie.⁴¹⁹ Hierdie oordrag verwys na die geval waar een van die partye sou sterf of waar die partye skei.⁴²⁰

Na aanleiding van bogenoemde is dit duidelik dat belasting boedelimplikasies skep. Die relevansie hier is dat nadat die *Civil Union Act*⁴²¹ in werking getree het, die bogenoemde belastingvoordele sonder twyfel ook van toepassing is vir gades wie se huwelike ingevolge die *Civil Union Act*⁴²² voltrek is.⁴²³ Ten slotte word daar ook afgelei dat belastingimplikasies dieselfde is vir tradisionele huwelike en huwelike voltrek ingevolge die *Civil Union Act*.⁴²⁴

414 Artikel 56 van die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962. Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 44.

415 Artikel 56(2) van die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962. Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 44.

416 Artikel 56(2) van die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962.

417 *Wet op Hereregte* 40 van 1949.

418 *Civil Union Act* 17 van 2006.

419 Artikel 9(1)(i) van die *Wet op Hereregte* 40 van 1949. Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 47 verwys ook na die hierna.

420 Artikel 9(1)(i) van die *Wet op Hereregte* 40 van 1949.

421 *Civil Union Act* 17 van 2006.

422 *Civil Union Act* 17 van 2006.

423 Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 48.

424 Dit word afgelei uit Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 48.

HOOFSTUK 5

5 Gevolgtrekking

Die *Civil Union Act* het 'n groot impak op die boedelreg omdat dit huwelike tussen twee persone van dieselfde geslag moontlik gemaak het. Die boedelimplikasies vir huwelike ingevolge die *Civil Union Act* word nie afsonderlik bespreek nie, maar bestaan uit die verwysing na ander wetgewing.⁴²⁵ In hierdie navorsingsverslag is gepoog om 'n beskrywing van boedelimplikasies vir huwelike ingevolge die *Civil Union Act* te bied.

Boedelimplikasies ingevolge die *Civil Union Act* is eerstens bespreek deur te verwys na die beskikbare huweliksgoederebedelings. Hier is bepaal dat partye ingevolge die *Civil Union Act* 'n huwelik kan voltrek binne gemeenskap van goedere of buite gemeenskap van goedere.⁴²⁶ Hier is afgelei dat geen onderskeid getref word tussen die *Huwelikswet* en die *Civil Union Act* wat betref die huweliksgoederebedelings nie.⁴²⁷ Dieselfde moontlikhede is gevolglik beskikbaar ingevolge die *Civil Union Act* as wat bestaan vir tradisionele huwelike ingevolge die *Huwelikswet*.⁴²⁸

Onderhoud word beskou as 'n onveranderde gevolg van 'n huwelik.⁴²⁹ Die voltrekking van 'n huwelik ingevolge die *Civil Union Act* bring egter ook die implikasies verbonde aan onderhoud navore.⁴³⁰ Die gades van die *Civil Union Act* sal dus ook kan steun op die beskerming wat die *Wet op Onderhoud*, die *Wet op Egskeiding*, die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* en die *Wet op Intestate Erfopvolging* bied aan tradisionele huwelike ingevolge die *Huwelikswet*.⁴³¹

425 Dit word afgelei uit Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

426 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 71.

427 Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 755-756.

428 Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 755-756.

429 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 52.

430 Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 752.

431 Dit word afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act*.

Die *Civil Union Act* het tot gevolg dat al die reëls en regulasies van die *Wet op Onderhoud* van toepassing is op huwelike ingevolge die *Civil Union Act*.⁴³² Dit beteken dat enige boedelimplikasies voortspruitend vanuit die *Wet op Onderhoud* die *Civil Union Act* raak. Gades ingevolge die *Civil Union Act* kan ook op die *Wet op Onderhoud* steun indien die betaling van onderhoud nie nagekom word nie.⁴³³

Indien partye 'n huwelik ingevolge die *Civil Union Act* wil beëindig, moet dit deur die *Wet op Egskeiding* gedoen word.⁴³⁴ Die rede daarvoor is dat daar in die *Civil Union Act* geen verwysing gemaak word na die beëindig van huwelike nie.⁴³⁵ Gevolglik sal die beskerming wat die *Wet op Egskeiding* aan tradisionele huwelike ingevolge die *Huwelikswet* bied ook aan die *Civil Union Act* verleen word.⁴³⁶ Hierdie beskerming verwys byvoorbeeld na die onderhoudsbevel wat deur artikel 7 van die *Wet op Egskeiding* verleen kan word. Gades ingevolge die *Civil Union Act* kan met ander woorde ook nou daarvan gebruik maak.

Artikel 13 van die *Civil Union Act* het tot gevolg dat die beskerming en prosedures wat die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* bied, ook van toepassing is op huwelike ingevolge die *Civil Union Act*.⁴³⁷ Omdat sowel homoseksuele as heteroseksuele paartjies nou die geleentheid het om te trou, word diskriminasie wat voorheen deur die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* geskep is tot 'n mate uit die weg geruim.⁴³⁸ Alle boedelimplikasies wat verskaf word deur die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* is ook op die *Civil Union Act* van toepassing.⁴³⁹ Gades ingevolge die *Civil Union Act* kan sonder twyfel ook nou 'n eis vir onderhoud teen die oorledene se boedel indien.

432 Dit word afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act*.

433 Dit word afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act*.

434 AS v CS 2011 (2) SA 360 (WCC) 32.

435 Baker Datum Onbekend <http://www.capetownlawyer.co.za/divorce/gay/gay-divorce-latest-legislation.php5>.

436 Dit word afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act*.

437 Dit word afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act*.

438 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010)212.

439 Dit word afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006.

Die *Wet op Intestate Erfopvolging* het reeds voor die bestaan van die *Civil Union Act* boedelimplikasies vir permanente homoseksuele verhoudings ingehou.⁴⁴⁰ Omdat homoseksuele persone nie kon trou nie, moes die *Wet op Intestate Erfopvolging* uitgebrei word om hulle in ag te neem.⁴⁴¹ Die *Civil Union Act* is egter toe gepromulgeer wat tot gevolg het dat homoseksuele persone ook nou ingevolge daarvan beskerm word. Die impak van die *Civil Union Act* is dat boedelimplikasies verskaf deur die *Wet op Intestate Erfopvolging* ook nou van toepassing is op huwelike ingevolge die *Civil Union Act*.⁴⁴² Dit beteken dat gades ingevolge die *Civil Union Act* ook sonder twyfel deur die *Wet op Intestate Erfopvolging* bevoordeel word indien een van die gades sonder 'n testament te sterwe kom.⁴⁴³

Nadat onderhoud bespreek is, word daar op die aankoop van huishoudelike benodighede gefokus omdat dit hand aan hand loop.⁴⁴⁴ Wat betref aanspreeklikheid verskil die aankoop van huishoudelike benodighede egter van onderhoud. Vir die aankoop van huishoudelike benodighede om van toepassing te wees, moet daar 'n geldige huwelik en gemeenskaplike huishouding bestaan.⁴⁴⁵ Die voltrekking van 'n huwelik ingevolge die *Civil Union Act* voldoen aan albei hierdie vereistes. Die boedelimplikasie hier is dat die gades gesamentlik en afsonderlik vir die aankoop van huishoudelike benodighede aanspreeklik is.⁴⁴⁶ Dit beteken dat skuldeisers die gade aanspreeklik kan hou wat nie self die skuld aangegaan het nie, hier word veral na buite gemeenskap van goedere verwys.

Boedelimplikasies verbonde aan skenkings is ook van toepassing op huwelike voltrek ingevolge die *Civil Union Act*. Die beskerming waarop tradisionele huwelike staatmaak ingevolge die *Insolvensiewet* en die *Wet op Huweliksgoedere* met betrekking tot skenkings word dus ook aan huwelike ingevolge die *Civil Union Act*

440 *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH) 66(f). Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 39 verwys ook hierna.

441 *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH) 66(f). Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 39 vereys ook hierna.

442 Dit word afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act*. Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 750 verwys ook hierna.

443 Artikel 13 van die *Civil Union Act* 17 van 2006 saamgelees met Meyer *Justice College* 14-15. Dit word dus afgelei uit Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 750.

444 Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 54.

445 Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 123.

446 Sonnekus "Matrimonial Property" par B48.

verleen.⁴⁴⁷ Hierdie beskerming verwys spesifiek na die herwinning van eiendom deur die gade wat nie tot die skenking toegestem het nie.

Ingevolge die *Inkomstebelastingwet*, *Boedelbelastingwet* en die *Wet op Hereregte* geniet gades van tradisionele huwelike ingevolge die *Huwelikswet* belastingvoordele.⁴⁴⁸ Daar word afgelei dat homoseksuele verhoudings egter ook belastingvoordele sal geniet indien die Kommissaris oortuig is dat die verhouding van 'n permanente aard is.⁴⁴⁹ Indien die paartjie ingevolge die *Civil Union Act* getrou het, hoef die Kommissaris nie oortuig te word van die verhouding se permanensie nie, want dit is voor die hand liggend. Die *Civil Union Act* het dus tot gevolg dat alle belastingvoordele sonder twyfel ook van toepassing is op huwelike ingevolge die *Civil Union Act*.⁴⁵⁰

Na die interpretering van die bogenoemde skrywe word daar afgelei dat daar geen sigbare verskille rakende boedelimplikasies tussen tradisionele huwelike en huwelike voltrek ingevolge die *Civil Union Act*⁴⁵¹ bestaan nie. Daar moet wel eers na dat die posisie voor en na die *Civil Union Act* gekyk word voordat boedelimplikasies verbonde aan die *Civil Union Act* bemeester sal word. Hierdie navorsingsverslag verskaf 'n bespreking daaroor.

Hier word ook afgelei dat dieselfde regsimplikasies bestaan vir 'n huwelik en siviele vennootskap ingevolge die *Civil Union Act*.⁴⁵² Nadat al die bogenoemde in ag geneem is, kan daar afgelei word dat die verwysing na man en vrou nie gades ingevolge die *Civil Union Act* uitsluit nie.⁴⁵³

447 Dit word afgelei uit artikel 13 van die *Civil Union Act*.

448 Hierdie bevoordeling word aangetref in artikel 4(q) van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955, artikel 56 van die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962 en artikel 9(1)(i) van die *Wet op Hereregte* 40 van 1949. Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 48 verwys ook daarna.

449 Dit word afgelei uit Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 48.

450 Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* 48.

451 *Civil Union Act* 17 van 2006.

452 Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010) 171.

453 Dit word ook afgelei uit Artikel 13 van die *Civil Union Act* en McConnachie *The South African Law Journal* 425.

Omdat daar 'n klomp verwysings na ander wetgewing rakende die inhoud van die *Civil Union Act* toegestem het, verskaf hierdie navorsingsverslag duidelikheid oor presies wat die boedelimplikasies is vir huwelike en siviele vennootskappe ingevolge die *Civil Union Act*.

BIBLIOGRAFIE

Internetverwysings

Anon	Date	Unknown
http://ccj.ukzn.ac.za/Libraries/PDF_Files/Matrimonial_Property__Eng.sflb.ashx		

Anoniem Date Unknown Matrimonial Property in Civil & Customary Marriages

http://ccj.ukzn.ac.za/Libraries/PDF_Files/Matrimonial_Property_Eng.sflb.ashx

[datum van gebruik 1 Augustus 2012]

Anon Date Unknown <http://www.meumannwhite.co.za/family-law/>

Anoniem Date Unknown *Family Law* <http://www.meumannwhite.co.za/family-law/> [datum van gebruik 21 Augustus 2012]

Baker Datum Onbekend <http://www.capetownlawyer.co.za/divorce/gay/gay-divorce-latest-legislation.php5>

Baker PM Datum Onbekend *Gay Divorce and Legislation*

<http://www.capetownlawyer.co.za/divorce/gay/gay-divorce-latest-legislation.php5> [datum van gebruik 27 Augustus 2013]

Literatuur

Abrie ea Bestorwe Boedels

Abrie W ea *Bestorwe Boedels* 8e uitg (ProPlus Lynnwoodrif 2010)

Bekker *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning*

Bekker CA *Die belang van die definisie 'Gade' vir doeleindes van boedelbeplanning* (LLM-Navorsingsverslag Noordwes Universiteit Potchefstroom kampus 2008)

Cronjé en Heaton *Die Suid-Afrikaanse Familiereg*

Cronjé DSP en Heaton J *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 2e uitg (LexisNexis Durban 2004)

Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning*

Davis DM, Beneke C en Jooste RD *Estate Planning Service Issue 33*
(LexisNexis Durban 2011)

De Waal en Schoeman-Malan *Erfreg*

De Waal MJ en MC Schoeman-Malan *Erfreg* 4e uitg (Juta Kaapstad 2008)

Jones *Moneyweb's Tax Breaks*

Jones S 'The tax implications of donations between spouses' *Moneyweb's Tax Breaks* Julie 2008 7. Hierdie bron is ook op die internet beskikbaar.

McConnachie 2010 *The South African Law Journal*

McConnachie C "With such changes as may be required by the context: The legal consequences of marriage through the lens of section 13 of the *Civil Union Act*" 2010 *The South African Law Journal* 424-425

Meyer *Justice College*

Meyer M 'An overview on the distribution of an estate of a person dying without or with a will' *Justice College* Maart 2011 14-15. Die bron is ook beskikbaar op die internet:
http://www.justice.gov.za/juscol/news/201106_intestate-and-testate-succession.pdf [datum van gebruik 22 Oktober 2012]

Robinson ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg*

Robinson JA ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 3e uitg (Printing Things Potchefstroom 2009)

Skelton en Carnelley (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010)

Skelton A en Carnelley M (reds) *Family Law in South Africa* (Oxford University Press Kaapstad 2010)

Smith en Grobler *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*

Smith BS en Grobler NJ “Gay Rights (and obligations): consequences and implications of *Fourie v Minister of Home Affairs*” 2005 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 750, 752, 755, 756

Smith en Robinson *Potchefstroomse Regstydskrif*

Smith BS en Robinson JA “An Embarrassment of Riches or A Profusion of Confusion? An Evaluation of the Continued Existence of the *Civil Union Act* 17 of 2006 in the Light of Prospective Domestic Partnerships Legislation in South Africa” 2010 *Potchefstroomse Regstydskrif* 37, 48

Sonnekus “Matrimonial Property”

Sonnekus JC “Matrimonial Property” in Clark BJ *Family Law Service* (May 2012 - SI 57 Product Developer: Christina Ramklown)

Stiglingh es *Silke: Suid – Afrikaanse Inkomstebelasting*

Stiglingh M ea *Silke: Suid – Afrikaanse Inkomstebelasting* (LexisNexis 2012)

Van Niekerk *Practical Guide to Patrimonial Litigation in Divorce Actions*

Van Niekerk PA *Practical Guide to Patrimonial Litigation in Divorce Actions* (Last Updated: September 2011 - Issue 13. Product developer: Kwando Mthethwa)

Venter ea ‘*n Studentebenadering tot Inkomstebelasting*

Venter JMP ea ‘*n Studentebenadering tot Inkomstebelasting* (LexisNexis 2012)

Regspraak

AS v CS 2011 (2) SA 360 (WCC)

Bopape and Another v Moloto 2000 (1) SA 383 (T)

Copelowitz v Copelowitz 1969 4 SA 94 (K)

The Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another 2006 1 SA 524 (KH)

Gory v Kolver NO and Others 2007 4 SA 97 (KH)

Langemaat v Minister of Safety and Security 1998 3 SA 312 (TPD)

M v M (A112/10) [2011] ZAWCHC 28

Reloomal v Ramsay 1920 TPD

Snyman v Rheeder 1989 (4) SA 496 (T)

Swart v Swart 1980 4 SA 364 (O)

Van der Merwe v Road Accident Fund 2006 4 SA 230 (KH)

Volks NO v Robinson and Others 2005 (5) BCLR 446 (KH)

Wetgewing

Algemene Regswysigingswet 132 van 1993

Boedelbelastingwet 45 van 1955

Civil Union Act 17 van 2006

Wet op Egskeiding 70 van 1979

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Huwelikswet 25 van 1961

Inkomstebelastingwet 58 van 1962

Insolvensiewet 24 van 1936

Versekeringswet 37 van 1923

Wet op Hereregte 40 van 1949

Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984

Wet op Onderhoud 99 van 1998

Wet op Onderhoud van Langslewende Gades 27 van 1990